

# Bult

UFS
UV

**February 2012** Nuustydskrif | News magazine

# Bult


REDAKTEUR | EDITOR
Leatitia Pienaar
Division: Strategic Communication
Posbus | PO Box 339
Bloemfontein 9300
South Africa
Pienaarajl@ufs.ac.za
Tel: +27 (0) 51 401 9188
083 677 6042
Fax: +27 (0) 51 444 6393

PRODUKSIE | PRODUCTION
Ontwerp | Design
Andreas Viljoen Design
082 771 1637

Menings wat in die publikasie gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die Redakteur, die afdeling of die universiteit nie. Bult word onder oudstudente, donateurs, sake- en regeringsleiers, meningsvormers en Kovsievriende versprei. Artikels kan met die nodige erkenning elders gebruik word. Rig navrae hieroor aan die Redakteur.

Opinions expressed in the publication are not necessarily those of the Editor, the division or the university. Bult is send to alumni, donors, business and government leaders, opinion formers and Kovsie friends. Articles can be published elsewhere, with the necessary acknowledgement. Contact the Editor in this regard.

UFS
UV



The Women's memorial on our Bloemfontein Campus
Cover Photo: Renier Brönn · Tel: 051 4361013 · Cell: 082 820 1320
arc@reinierbronn.co.za



## Nuus News

4 2011 is a memorable year for the UFS
6 Senior professors strengthen the academic foundation
8 'n Groot seun van Afrika vereer
10 Graduations now a celebration
12 'Me. Winfrey, u is nou 'n Kovsie'
14 Buildings mushroom all over the campuses
17 Scientists involved in research to trace rhino horns
22 Chemistry research gets fresh momentum
26 Study abroad is a life-changing experience
29 Great South African teachers honoured in book
30 Sculptures bring a new dimension to campus
34 Skole onder ons vlerk geneem



## Personeel Staff


50 Charles Dumas brings a touch of Hollywood

56 Baby steps towards great strides for Hasina

60 Crime expert has close ties with the UFS

64 Dynamite does not need size

69 Kuns teen kanker ingespan


## Sport Students


72 Hoëprestasiesentrum binnekort ontwikkel

76 Kovsies excel in sport

80 A journey into self-discovery

86 Loerie-toekenning getuig van kwaliteit


## Alumni


92 From Japan with Love

94 'n Toring van hoop

96 Gister 'n Kovsie vandag 'n DG




# Content



# Letter from the editor

We bring you a publication jam-packed with news on our university here in the heart of the Free State.

The Year 2011 was in all aspects a very, very busy year at all levels. On the academic side we could show better results with top researchers reaching the 100 mark. The academic ranks were boosted by the employment senior researchers and academics from other parts of South Africa and abroad.

The Vice-Chancellor's Prestige Scholars project – in which highly talented academic staff was identified – is underway. These are academics we can keep our eye on. They will be instrumental in changes in the academic and research field in South Africa.

Graduations became a celebration. Gone are the days where graduandi walked up to a stage, got capped and received a certificate for their long years of dedication. Graduations are now marked by long, colourful processions, music, motivation speeches – moments to cherish.

In an effort to groom future leaders on our campuses and in our communities, all stops were pulled out to send 150 young first-year "ambassadors" to universities in America, Europe and the East. That was a doubling of the figure of 2010.

Twee gebeure, dalk drie, het die verbeelding aangegryp. Hieronder tel die eredoktorsgrade wat aan dr. Desmond Tutu en dr. Oprah Winfrey toegeken is. Veral laasgenoemde het oorweldigende belangstelling uitgelok, nie net uit Suid-Afrika nie, maar oor die wêreld heen.

Die derde gebeurtenis was die bekendstelling en die uitrol van die nuwe wapen en bemarkingshandelsmerk van ons universiteit. Dit is 'n sigbare simbool van die toekomspad vir die UV. (Lees meer oor die geskiedenis van die wapen op p. 18.)

Verskeie deurbrake is by die UV gemaak, sommige waarvan die wêreld deeglik kennis moet neem. Lees ook meer hieroor in hierdie uitgawe.

In geheel: 2011 was 'n jaar wat in die geskiedenis van die UV ingegraveer sal wees as een groot mylpaal.

## 'Regtig pragtig'

Louis du Randt van St. Michael's-on-Sea skryf:
Baie dankie vir uitgawe 1 van 2011. Dis regtig pragtig.
Die kleur van die ink wat vir die letters gebruik word, is nie baie duidelik nie. Weet nie of ek al bietjie te oud word en nie mooi sien nie.

## Ander lees ook

Thomas Stewart van Newtonpark skryf:
Ek laat Bult in my ontvangsarea bly en hopelik lees 'n paar mense van die goeie en mooi dinge wat by Kovsies gebeur.

## Uit die VSA

**Johan Gouws skryf uit Johns Creek, GA in die VSA:**
**Bult is baie welkom op ons koffietafel in die VSA.**



# Nuus











# 2011 is a memorable year for the UFS

The year 2011 will remembered for a long time as one of the most memorable in the history of the University of the Free State. One highlight after the other, one achievement after the other, were recorded.

Many public-participating and public-facing occasions – such as the honorary doctorate for Desmond Tutu and Oprah Winfrey aside – 2011 was a year to celebrate.

The institution continues to make its mark on the national and international academic landscape. The UFS has reached the mark of 100 rated scientists and scholars at the National Research Foundation (NRF) and the plan is to double the figure in the coming three years.  Senior professors appointed at the UFS added to the pool. The UFS now has a team of outstanding academics who complement and enrich the senior academic team of the institution.

The UFS grooms talent in its own ranks with the Vice-Chancellor's Prestige Scholars programme. Yale University has been among the first overseas institutions to offer to place some of our new Ph.D. scholars and staff for their 2012 placements as part of the programme. This innovation will boost the standing and status of the next generation of UFS scholars.

Many measures were put in place to improve the throughput of the UFS. The decision to create opportunities for final-year students owing only one or two modules for the degree to study for free has been well-received by the Department of Higher Education and Training (DHET) with requests from the government for more information on this innovation and an appeal to other universities to follow suit.

Critical decisions on enhancing the quality of undergraduate education across the university has already started to show results. The compulsory class attendance project has borne fruit, with results up to 40% higher in difficult subjects where it was introduced. Those modules or courses were selected because of low success rates and high failure rates. Coordinated efforts









to improve teaching and learning will be continued through a new Centre for Teaching and Learning. Going hand-in-hand with the improvements, is the introduction of an Undergraduate Core Curriculum (UFS 101) among all new first-years from the beginning of 2012. This is a life-skills project trying to get all new students to become full-rounded individuals for their careers and adult life one day, but also to handle situations and explore the world while at university. Our university is the first to introduce such a course and senior professors, and even the rector, will be seen lecturing.

The University of the Free State has become a university of choice for thousands of students countrywide. For 2012 the application of new first-year students rose by almost 30%.

Building and upgrading projects to the value of hundreds of millions of rand were undertaken or completed and opened. With that the UFS has added 5 000 more seats in total over the campuses. It will go a long way to alleviate the pressures the UFS experience as a result of the rapid growth in student numbers over the past five years.

The new building projects were made possible through external and budgeted internal funding. It communicates a spirit of liveliness, vibrancy, and transformation among insiders and visitors to the campuses.

A Strategic Plan for the period 2012 to 2016 received dedicated attention of senior members of staff and the UFS Council. This document is the road map for the institution to achieve its targets on its way to be an institution the academic world must take note of.

Student affairs matured to the extent that the election of members of the Student Council was also a celebration of freedom of choice, freedom of expression, and it was free from racial and political prejudices.

Prof. Jonathan Jansen, Rector and Vice-Chancellor, said: "The general euphoria among students was moving, and the diversity achieved in the student body suggests that the UFS has truly entered a new dawn in student politics."

*We expect 2012 to be even a bigger, more exciting year...*

# Senior professors strengthen

The drive to appoint top professors in various fields was completed in 2011 and 25 new senior professors joined our staff. Our university now has a team of outstanding younger and older academics who complement and enrich the academic core at our university.

Many of the appointees are highly rated for their research and other work in their various fields.

The drive to "head hunt" top senior academics and researchers was one of the first initiatives announced by the Rector and Vice-Chancellor, Prof. Jonathan Jansen, following his appointment at the UFS.

The purpose of the drive was for the university to get ahead of the pack with respect to research performance in South Africa. Prof. Jansen says the senior professors will strengthen the professorial core of the university in ways that lead to a sharp increase in scholarly outputs, attracts top postgraduate students, and builds the intellectual climate on campus.

Students now have the privileged to be taught by top scholars from around the world who join the already impressive cast of university teachers on campus.

The drive was strengthened with actions that included the revision of

- tenure practices for academic staff;
- increased entry requirements for master's and doctoral studies;
- the submission of six well-prepared applications for the competitive SARChi Chairs;
- the strengthening of the established research clusters to strengthen them; and
- the reorganisation of postgraduate education within the Postgraduate School.

Prof. Jansen says the UFS continues to receive applications from South Africa and abroad from senior academics wishing to be considered as professors of outstanding quality that could be added to the core of A- and B-rated (or equivalent) scientists and scholars of the university.


## UFS ranks strengthened with top senior appointments

The drive to strengthen the academic and administrative staff of the UFS, has gained momentum in the past year.

Senior top academics with high research ratings were recruited from South Africa and abroad to strengthen the scholarly skills and depth of the university. The university management extends a sincere and warm welcome to these staff members, some of whom are:



**Prof. Greg Barz (Senior Professor, Music):**
Prof. Barz is an associate professor in Ethnomusicology and Anthropology at Vanderbilt University, USA, and has been appointed as a senior professor in our Department of Music since June 2010. He specialises in music and medicine in Sub-Saharan Africa – something which his book *Singing for life: HIV/Aids and music in Uganda* explores.



**Prof. Jan Coetzee (Senior Professor, Department of Sociology):**
After being employed as a professor in Sociology at Rhodes University, Prof. Coetzee returned to the UFS, where he works in Sociological Theory and Methodology (especially qualitative methodology and the use of narrative and personal histories). Before his sojourn in the Eastern Cape, he worked as a professor in Sociology at the then UOFS from 1979 until 1986.




**Prof. Kwandiwe Kondlo (Senior Professor and Chair of the Centre for Africa Studies):**
Prof. Kondlo joined our university in May 2010 after having acted as Executive Director and Chair of the Democracy and Governance Programme of the Human Sciences Research Council (HSRC). In 2007 he was awarded the Harry Oppenheimer Oxford University Research Fellowship to assist towards the completion of his book, titled *In the Twilight of the Revolution*. Prof. Kondlo is a well-known political analyst in, among others, governance, the state of the state in Africa and South African politics.



**Dr Lis Lange (Senior Director: Directorate for Institutional Research and Academic Planning):**
Dr Lange has for the past eleven years been involved in quality assurance for higher-education institutions at the national Council on Higher Education, where she has been the Executive Director. She assists the UFS in areas of quality assurance and academic planning. She will also contribute to the development of intellectual debate and improve multi-disciplinary research.

# the academic **foundation**



**Prof. Sechaba Mahlomaholo (Professor in the Faculty of Education):**
Prof. Mahlomahalo boasts a resumé which includes degrees from the University of the Western Cape, Harvard and the University of the North. This well-publicised academic has contributed to journals such as the *Southern African Educational Review* and *Education with Production Journal*, among others. He also belongs to a host of research bodies, such as the UMALUSI Research Forum, Education Association of South Africa.



**Prof. Cynthia L Miller-Naudé (Senior Professor, Classical and Near Eastern Studies):**
This academic, hailing from the University of Wisconsin in the USA, has been employed at the UFS since June 2010. She works as a specialist in ancient Hebrew and related Northwest Semitic languages and also in linguistic theory, especially focused on the Old Testament.



**Prof. Maresi Nerad (Extraordinary Professor, Postgraduate School):**
Prof. Nerad, founder and director of the Center for Innovation and Research in Graduate Education (CIRGE), produced various books, numerous chapters in books and articles on a variety of subjects pertaining to doctoral degrees and education. Some of the latest projects she is involved in include Germany's reform of higher education and the creation of a few outstanding world-class universities. Prof. Nerad is an Associate Professor for Higher Education in the Educational Leadership and Policy Studies Program College of Education, at the University of Washington, USA.



**Prof. Helene Strauss (Professor, English):**
Prof. Strauss completed her undergraduate work up to an MA at the UFS in 2000. She followed this up with a Ph.D. at the University of Western Ontario, for which she was awarded the Canadian Governor General's Gold Medal. She subsequently took up a position at McMaster University in Hamilton, Canada. Her interests are to probe how, in a post-TRC South Africa, South Africans experience and achieve social cohesion. She will join the UFS on 1 September 2011.

**Please read more on Prof. Charles Dumas, Nicky Morgan, Hassina Ebrahim, Hussein Solomon and Corli Witthuhn in this issue.**


The **University of the Free State** proudly welcomes its new **academic leaders**




**Prof Pumla Gobodo-Madikizela**
ex-University of Cape Town,
expert in Reconciliation Studies



**Prof Melanie Walker**
ex-University of Nottingham (UK),
expert in Human Development



**Philippa Tumubweinee**
ex-University of Johannesburg,
expert in Traditional Architecture



**Prof Loyiso Jita**
ex-UNISA,
expert in Science Learning

T: 051 401 9111 | info@ufs.ac.za | **www.ufs.ac.za**

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
UFS UV

Andreas Viljoen Design 082 771 1 637


# 'n **Groot seun** van Afrika vereer

Een van die groot seuns van Afrika, emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu, het 'n eredoktorsgraad in Teologie aan die begin van 2011 aan ons universiteit ontvang. Hy het ook die Internasionale Instituut vir Studies oor Ras, Versoening en Sosiale Geregtigheid geopen.

Die instituut het sy oorsprong by die Reitz-insident van 2008 gehad en vergestalt die UV se vasbeslotenheid om 'n plek te wees waar versoening, vergifnis en sosiale geregtigheid nie net bestudeer sal word nie, maar ook toegepas word. Studente en akademici van regoor die wêreld kan die teorie en praktyk oor die bou van gemeenskappe oor die grense van ras asook, geloof, geslag, gestremdhede en nasionale oorsprong bestudeer.

Deur dr. Tutu te vereer, het ons erkenning verleen aan sy bydrae op die gebied van die Teologie, asook as morele en geestelike leier wat deurgaans sy integriteit as 'n Christen gehandhaaf het nie, maar ook "as 'n groot seun van Suid-Afrika wat 'n enorme bydrae tot vrede, versoening en geregtigheid in Suid-Afrika en in die wêreld gemaak het".

Onder die gaste was die voormalige ambassadeur van die VSA in Suid-Afrika, mnr. Donald Gips; die Britse Hoë Kommissaris van Suid-Afrika, dr. Nicola Brewer; lede van die plaaslike regering; die dogters van Bram Fischer, Ruth Fischer-Rice en Ilse Fischer-Wilson; en visekanseliers van verskeie tersiêre instansies soos prof. Cheryl de la Rey van die Universiteit van Pretoria en prof. Russel Botman van die Universiteit Stellenbosch. Vriende van dr. Tutu, dr. Ahmed Kathrada, me. Barbara Hogan en dr. Allan en mev. Elna Boesak, het ook die geleentheid bygewoon. Adjunkpresident Kgalema Motlanthe het ook 'n boodskap van gelukwensing gestuur.



Prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Institusionele Sake, en dr. Tutu.


Foto's: Renier Brönn

Prof. Jonathan Jansen, Visekanselier en Rektor, het gesê: "Ons vereer 'n groot seun van Suid-Afrika wat 'n enorme bydrae tot vrede, versoening en geregtigheid in Suid-Afrika en in die wêreld gelewer het. Daar was tye dat min van ons gedink het dat apartheid in ons leeftyd gaan eindig, maar u het soos 'n rots gestaan, ons verseker – nie van 'n swart toekoms nie, maar van 'n gedeelde toekoms. Vir hierdie rede, Arch, sal ons om geen rede hierdie geleentheid om u te vereer, mis nie.

"U, Meneer, is 'n Jood tussen Moslems, 'n Christen tussen Hindoes, 'n Katoliek tussen Anglikane, 'n brugbouer tussen ons almal. Dit is hoekom ons u liefhet; omdat u dieper kyk en verder sien as enige van ons."

Prof. Francois Tolmie, Dekaan van die Fakulteit Teologie, het oor dr. Tutu se ryke bydraes tot talle terreine, nasionaal en internasionaal, gesê: "Daar word dikwels gevra hoe dr. Tutu al hierdie dinge in een leeftyd kon bereik het. Sommige mense skryf dit toe aan sy warm persoonlikheid of sy menslikheid, sy diep gevoel van nederigheid of sy wonderlike sin vir humor. Wanneer 'n mens egter dieper delf, word jy getref deur dr. Tutu se diep verhouding met God. Hy is bekend as 'n man van geloof, 'n man van gebed. Hy lewe sy lewe coram Deo, in die teenwoordigheid van God.

# Reconciliation closes book on the Reitz incident

The book on the Reitz incident, that has taken the UFS to front pages and news headlines, could be closed this year. The parties involved could meet in private and they took part in a public ceremony with many dignitaries witnessing the closure of the incident and repercussions it had.

Messages of apology were read by Prof. Teuns Verschoor, Vice-Rector, on behalf of the UFS, and Mr Danie Grobler on behalf of the former students. A message of acceptance of the apologies was read by Ms Emmah Koko on behalf of the workers.

Deputy Chairperson of the South Africa Human Rights Commission, Commissioner Pregs Govender, said of this historic event: "The courage and compassion shown by the workers together with the students' willingness to embrace the spirit of change have enabled a process of justice, transformation and reconciliation that is an inspiring example for South Africa. The process, led by Prof. Jonathan Jansen, Vice-Chancellor and Rector, whose term began just after this incident, has laid a significant foundation for the future. It is significant, not just for this university, but for all educational institutions, including schools."

# Graduations now



By changing its format, graduations are now a festival to celebrate years of hard work and dedication of students and lecturers at our university. Some of the changes include the gathering of the procession on the Red Square in front of the Main Building, from where it moves to the Callie Human Centre.


The graduation programme is also filled with music and song items with various young speakers addressing and inspiring the audience.

A total of 83 doctorates were conferred in 2011, making it the highest number in the history of the university.

Honorary doctorates were conferred on:

- Archbishop Desmond Tutu.
- Ms Oprah Winfrey.
- Mr Pieter Fourie, one of South Africa's most renowned Afrikaans playwrights.
- Prof. Robert William Mayo Frater, Emeritus Professor of Thoracic and Cardiovascular Surgery, and Emeritus Professor of Paediatrics, Albert Einstein College of Medicine and Montefiore Medical Centre, New York, and
- Prof. Akilagpa Sawyerr, former Secretary-General of the Association of African Universities and former Vice-Chancellor of the University of Ghana.

# a celebration





# UV trots op sy 60 doctorandi!

**Die Universiteit van die Vrystaat (UV)** het in Mei 2011 sy doelwit onderskryf om 'n toonaangewende internasionale akademiese instelling te word toe hy die nuutste groep doctorandi tydens die jaarlikse Herfsgradeplegtigheid voorgestel het.

Afgesien daarvan dat die hele gradeplegtigheidseremonie die grootste in die geskiedenis van die UV was, met 'n totaal van 4 021 kwalifikasies wat toegeken is, het dit ook 'n verbysterende 60 doktorsgrade ingesluit. Die graduandi is versprei oor die hele spektrum van die akademie en het ook 'n rekordgetal van agt LL.D.-graduandi ingesluit, waarvan vier personeellede verbonde aan ons Fakulteit Regsgeleerdheid is. Dr Pieter Fourie, 'n vername Afrikaanse dramaturg, het 'n eredoktorsgraad in Drama (D.Litt.) ontvang.



Dr Pieter Fourie



Dr Gabriel Hangara, Dr Gerda Marx, Dr Gijsbert Hoogendoorn, Dr Godfrey Tlou, Dr Godwin Amenorpe, Dr Hanli Joubert, Dr Chantel Swart, Dr Charles Ngwena, Dr Danri Delport

Dr Rouxléne Van der Merwe, Dr Sibonginkosi Mazibuko, Dr Sonja Loots, Dr Thamae Lenka, Dr Tobias van Dyk, Dr Vernon Louw, Dr Lesley Clark, Dr Lyzette Hoffman, Dr Desmond Ncango

Dr Abe Gerrano, Dr Adri Janse van Rensburg, Dr Alwyn Swanepoel, Dr André Pieterse, Dr Beanélri Janecke, Dr Beatri Kruger, Dr Brand Claassen, Dr Celesti Jansen van Rensburg, Dr Madelein Fourie

Dr Heneriko Kulembeka, Dr Inus Aucamp, Dr Isabel Hlophe, Dr Jaco Deacon, Dr Kallie Barnes, Dr Kobus Bekker, Dr Kwangbong Jung, Dr Leon Steyn, Dr Melanie Jacobs

Dr Douglas Nkosi, Dr Durton Nanja, Dr Ebenezer Durojaye, Dr Elizabeth Mbengwa, Dr Florence Tadi, Dr Francis Sefali, Dr Francois Steyn, Dr Wendy Stone, Dr Michael Lebloenya

Dr Chrisma Pretorius, Dr Chrisna Beuke-Muir, Dr Nacelle Collins, Dr Nhlonipho Nhlabatsi, Dr Nicola Barnard, Dr Patrick Nsimama, Dr Philna Coetzee, Dr Rachel Fiedler, Dr Mokhele Moeletsi

*Drs Petranel Jonck, Johannes Makutoane, Pheneas Nkundabakura, Daniel Bern, James Ramontja en John Maybery was nie teenwoordig toe die foto's geneem is nie.*

***Foto's deur Dries Myburg***

T: 051-051 9111 info@ufs.ac.za **www.ufs.ac.za**

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS
UV

# ‘Me. Winfrey, u

Die wêreld se oë was op die Universiteit van die Vrystaat gerig met die toekenning van ’n eredoktorsgraad in Opvoedkunde aan Oprah Winfrey. Deel die ervaring soos verwoord deur prof. Jonathan Jansen, Visekanselier en Rektor, in koerante.

Foto: Rian Horn



Dr. Oprah Winfrey bestudeer hierdie program vir die gradeplegtigheid. By haar is, van links: dr. Choice Makhetha, Viserektor: Eksterne Betrekkinge (waarnemend), regter Ian van der Merwe, Voorsitter van die UV-Raad, en prof. Jonathan Jansen, Visekanselier en Rektor van die UV.

Vandat bevestig is dat Oprah Winfrey die Universiteit van die Vrystaat sou besoek, het ’n kernbeplanningspan van sowat dertig lede op dreef gekom en omgesien na die reëlings: vir veiligheid, vervoer, uitnodigings, etes, kaartjies, dekor, die nuusmedia, kommunikasie, verhoogbestuur en die gradeplegtigheid, asook vir openbare redevoering, ensomeer.

Nog nooit was soveel mense betrokke by die beplanning van só ’n gebeurtenis op ’n universiteitskampus in ons land nie. Daar was, byvoorbeeld, minstens vier sekuriteitstaakspanne betrokke, met inbegrip die van Oprah Winfrey. Honderde personeellede het deurnag gewerk. Ek het met bewondering toegekyk hoe studente en personeel geswoeg het om dié Kovsie-gebeurtenis van die eeu ’n oomblik van trots vir die universiteit, die stad en die land te maak.

Ons kon dit nie alleen vermag nie. Oprah se beplanningspan in Chicago was daagliks met ons in

# is nou ’n **Kovsie’**

verbinding oor die aksieplan van meer as twintig bladsye. Vir die Amerikaners was dit riskant; iets anders as om die stel en die gehoor in die beheerde omgewing van die Oprah Winfrey Show te bestuur. ’n Afgevaardigde is na Bloemfontein gestuur om seker te maak dat alles seepglad sou verloop. Uiteindelik kon ons verantwoording doen oor elke tree, en elke asemteug.

En ons moes voorsiening maak vir Mandela-oomblikke: hoe gemaak as sy van protokol afwyk en uitstap om ondersteuners te groet? Sy hét, en die span was gereed daarvoor. Dan die bysake: Die plaaslike nuusmedia wou die geleentheid tot elke prys as ’n geldmaaktruuk voorstel. Maar geen geld is gevra nie: Dit is so eenvoudig soos dit.

Tog was dit irriterend om onakkurate en misleidende inligting oor aanvang- en afsluitingstye, reisroetes en landingstye te lees.

Die ergste het nog voorgelê: Honderde mense landwyd wou iets gee vir die internasionale media-ikoon en filantroop. Briewe is van oral ontvang, plaaslike haarsalonne het aangebied om haar hare te doen, en selfs ’n gratis massering is aangebied. Uiteenlopende organisasies, van Johannesburg tot Kaapstad, wou hê haar reisplan moet aangepas word sodat sy by hulle kan aandoen. Dit was moeilik om vir vrygewige en welmenende mense te verduidelik dat ons haar nie sommer met vliegtuigvragte geskenke kon oorlaai nie, en dat sy nie almal tydens haar kort besoek kon ontmoet nie.

Nie net welwillende mense het na Bloemfontein gestroom nie; misdadigers en ander opportuniste het dit ook gedoen. ’n Groep Nigeriërs is vasgetrek waar hulle vervalste kaartjies verkoop het. Daar kon groepe gewees het wat die teenwoordigheid van beroemdes sou wou uitbuit vir optogte en protesaksies. Ons was slaggereed. Veronderstel iets gebeur op ons kampus met een van die wêreld se invloedrykste leiers?

Toe breek die oomblik aan. Die optog het aangekom. Sy het, danksy baie hoë hoëhakskoene, aansienlik langer voorgekom as wat ek verwag het. “Professor Jansen,” het sy gesê, en ek het besef sy het die gedetailleerde program vir die geleentheid haarfyn bestudeer.

Ek het die opregte menslikheid van hierdie besonderse vrou eerstehands ervaar terwyl sy die spesiale gaste gegroet het.

Toe die gradeplegtigheid. Met me. Winfrey se aankoms in die saal het dit gevoel of die dak van die Callie Human-sentrum afgeruk gaan word. “Hierdie mens beteken so baie vir so baie mense reg oor die wêreld,” het ek gedink.

Me. Winfrey se vriend John Samuel het een van die ingrypendste gradueringsitate voorgelees wat ek nog gehoor het. Hy het die oomblik verewig toe hy na haar gedraai het en sê: “Me. Winfrey, u is nou ’n Kovsie.” Die gehoor was oorstelp, en Oprah het haar arms omhoog gehou in vreugde.


Sy het die verhoog verlaat om haar toga uit te trek, en teruggekeer om die sowat 5 000 aanwesiges toe te spreek. Die gehoor was stil terwyl die nuwe Kovsie haar woord gedoen het. Sy het die aangrypende verhaal vertel van haar geboorte as kind van ’n per-ongeluk-paartjie wat nie beplan het om haar te hê nie. Almal is geraak.

Ons sluit af met die kenlied van die burgerregtestryd in Amerika, die “Battle Hymn of the Republic”. Corneil en die kinderkore se stemme styg uit met “Glory, Glory Halleluja, his truth is marching on”.

Terwyl hulle sing, kyk Oprah in my rigting, en óns weet, álles wat met ons lande en dié kampus gebeur het, was die moeite werd.








## Bestel en deel in die geleentheid

U kan ’n boek oor die Oprah-geleentheid asook ’n DVD, wat tydens die gradeplegtigheid opgeneem is, bestel deur Strategiese Kommunikasie by +27 (0)51 401 9543 te kontak, of ’n e-pos te stuur aan news@ufs.ac.za. Die boek kos R200 en die DVD R100.



Economic and Management Sciences

# Buildings mushroom all over the campuses

New building at Faculty of Health Sciences





Photo: Leatitia Pienaar

In our endeavour to increase capacity and stay ahead of the demand for facilities, we saw the opening of many new, upgraded and renovated buildings on our campuses. Projects of hundreds of millions of rand were completed and/or opened.

Among them were the new buildings for the Faculty of Economic and Management Sciences, the Faculty of Health Sciences, skills laboratory at Applied Sciences, Chemistry, Education at Qwaqwa, residences at Qwaqwa, upgrading of the laboratories there, a taxi terminus and a new building for Biotechnology on the Bloemfontein Campus, renovation of the Odeion and the Idalia Loots foyers, and too many others to mention.

A new Olympic-standard swimming pool was opened; the Architecture Building was renovated; a restaurant for staff opened; the Main Entrance at the Bloemfontein Campus was completely renewed in line with the new UFS brand; and parking for cars was extended all over campus.


Our university added 5 000 more seats in total in the new buildings and the extended capacity will go a long way to eliminating backlogs that resulted from the rapid growth in student numbers over the past five years.

In 2012 the UFS will offer regular tours to the broader community to enable parents and prospective students, including the general public, to obtain a first-hand sense of the impressive campuses of our university.

**Student housing Qwaqwa** ▼




**Odeion Foyer** ▼



# **Derek** Litthauer lei **Beheerlab**







Prof. Derek Litthauer is aangestel as Direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Beheerlaboratorium vir Biologiese Produkte (NCL), 'n toetslaboratorium vir die Medisynebeheerraad wat die gehalte van alle entstowwe vir menslike gebruik in Suid-Afrika toets. Die laboratorium is op ons Bloemfontein-kampus geleë.

Die laboratorium ontvang monsters van die entstowwe van vervaardigers en invoerders en na deeglike evaluasie van die gehaltebeheerdata van die produk, asook onafhanklike toetsing van die entstowwe, word die entstowwe vir gebruik in die private of openbare sektor beskikbaar gestel. Geen entstowwe kan in Suid-Afrika gebruik word sonder dat 'n vrystellingsertifikaat deur die NCL uitgereik is wat sertifiseer dat die entstof geskik is vir menslike gebruik nie.

Hy en van sy personeel het entstofvervaardigingsaanlegte in Europa besoek, asook beheerlaboratoriums in die Verenigde Koninkryk, Frankryk en België.

Hulle is ook uitgenooi om die Wêreldgesondheidsorganisasie in Genève, Switserland, te besoek om toekomstige samewerking met die WGO te bespreek. Die NCL sal weer eens polio-entstowwe van vervaardigers toets wat wêreldwyd deur die WGO versprei sal word. Die NCL sal dan aanbevelings aan die WGO maak met betrekking tot die geskiktheid van die entstof.

# Scientists involved in research to trace rhino horns

Scientists at our university are involved in a research study that will help to trace the source of any southern white rhino product to a specific geographic location. The research is an initiative of the National Zoological Gardens of South Africa.

Prof. Paul Grobler, who is heading the project in the Department of Genetics at the UFS, said that the research might even allow the identification of the individual animal from which a product was derived. This would allow law enforcement agencies not only to determine with certainty whether rhino horn, traded illegally on the international black market, had its origin in South Africa, but also from which region of South Africa it came.

This additional knowledge is expected to have a major impact on the illegal trade in rhino horn and will provide a potent legal club to get at rhino horn smugglers and traders.

The research team consists of Prof. Grobler; Christiaan Labuschagne, a Ph.D. student at the UFS; Prof. Antoinette Kotze from the NZG, who is also an affiliated professor at the UFS; and Dr Desire Dalton, also from the NZG.

Financial support for the project is provided by the Advanced Biomolecular Research cluster at the UFS.

The team's research involves the identification of small differences in the genetic code among white rhino populations in different regions of South Africa. The genetic code of every species is unique, and is composed of a sequence of the four nucleotide bases G, A, T and C that are inherited from one generation to the next. When one nucleotide base is changed or mutated in an individual, this mutated base is also inherited by the individual's progeny.

If, after many generations, this changed base is present in at least 1% of the individuals of a group, it is described as a single nucleotide polymorphism (SNP), pronounced "snip". Breeding populations that are geographically and reproductively isolated often contain different patterns of such SNPs, which act as a unique genetic signature for each population.

The team is assembling a detailed list of all SNPs found in white rhinos from different regions in South Africa. The work is done in collaboration with the Pretoria-based company Inqaba Biotech, which is performing the nucleotide sequencing that is required for the identification of the SNPs.

The southern white rhino was once thought to be extinct, but in a conservation success story the species was boosted from an initial population of about 100 individuals located in KwaZulu-Natal at the end of the 19th century, to the present population of about 15 000 individuals. The southern white rhino is still, however, listed as "near threatened" by the World Wildlife Fund (WWF).




Some of the team members with a rhino calf.

# **Gewapen** met nuwe

**M**in sake het soveel emosie ontketen as die aanpassing van die UV se wapen en leuse met die inwerkingstelling van ons nuwe handelsmerk. **Prof. Dolf Britz**, Hoof: Programbeplanning in die Direktoraat vir Institusionele Navorsing en Akademiese Beplanning, het die geskiedenis van die wapen en die leuse gedokumenteer.





**Verskeidenheid leuses en wapens |** Die UV het in sy bestaan van 108 jaar vyf keer sy leuse verander. Dit het telkens gepaardgegaan met die ontwerp van nuwe en/of aanpassings by die amptelike wapen:

- 1904-1935: Stabilis (Vasstaande, of standvastig)
- 1935-1947: Vorentoe en Boontoe
- 1947-1950: Per Fidem ad Sapientiam (Deur geloof na wysheid)
- 1950-2010: In Deo Sapientiae Lux (In God is die lig van die wysheid)
- 2010-: In Veritate Sapientiae Lux (In waarheid is die lig van wysheid).

In bogenoemde kan 'n ontwikkeling gesien word asook hoe die tradisie doelbewus bewaar is, ook met die verandering wat in 2011 plaasgevind het. Voordat ons 'n nuwe leuse en wapen aanvaar het, het ons ons eers baie deeglik rekenskap gegee van die situasie waarin (en ook waarom) die 1950-leuse beslag gekry het. Daarna het ons dit opgeweeg teenoor die nuwe konteks waarin die UV hom al sedert die 1980's bevind het, en vandag voluit daarin moet leef as 'n universiteit met akademiese integriteit. Om hierdie rede is die 'In Deo' van 1950 nie herhaal is nie.

**Veranderinge van 1947 en 1950 |** Telkens het die veranderinge van die UV-leuse en wapen-gepaardgegaan met verkeie faktore. Aan die een kant was daar kulturele en selfs godsdienstige aandrange en oriëntering, en aan die ander kant ook akademiese verantwoording en onvermydelike herposisionering.

Bronne dui aan dat studente in 1947 daarop aangedring het dat die eietydse Afrikanervertolking van die nasionale geskiedenis voorrang in die ontwerp van die wapen moet kry bó dié van die UV. Hulle het gemeen dat die drie kruithorings van die Nederlandse Koningshuis van Oranje hierdie ideaal sou uitbeeld. Dit is ook duidelik dat die 1947-leuse 'n godsdienstige uitgangspunt tot uitdrukking wou bring, waarin geloof 'n belangrike rol speel. Kenmerkend van die 1950-leuse is 'n verskuiwing van die geloof na God toe. Die leuse word nou 'n objektiewe uitspraak oor God: In Hom is die lig van die wysheid. Juis in hierdie tyd het die NG Kerk van die OVS by die UV aangedring dat hy hom moes verbind aan 'n Christelike karakter en die (Afrikaner) "volksaard"van die provinsie.

Die destydse Afrikanernasionalisme, ideale en verstaan van die Suid-Afrikaanse werklikheid het dus ná die Tweede Wêreldoorlog 'n beduidende rigting aan die UV geword. Die ou gevestigde tradisie van die UV waarin beide Afrikaans en Engels as onderrigtaal gebruik is en waarin akademiese diversiteit (in die Grey Kollege Stabilis-sin van die woord) tot op daardie stadium 'n tuiste gevind het, moes nou swig voor hierdie kulturele en (politieke) keuse. Gedurende die ongeveer 30 jaar wat hierdie rigting die botoon gevoer het, is dit vanuit die UV steeds bevraagteken. Die kritiese stem wou nie gaan lê nie. Dit het akademici en studente van die UV vervreem en talle inwoners van die Vrystaat die reg om aan die UV te studeer en te deel in sy akademiese uitmuntendheid ontneem.

**Groot wending in die jare 80 en 90 |** Met kritiese refleksie en (Christelike) verantwoording het die UV hom reeds in die 1980's oopgestel vir alle studente, ongeag hulle taal, ras, kulturele voorkeure en godsdienstige oortuigings. Daar is ook teruggekeer na die uitgangspunt van, soos u hulle noem, "die oorspronklike stigters" om in beide Afrikaans en Engels te doseer. Die verbintenis aan die Afrikaner-"volksaard" van die Vrystaat het sy oorspronklike betekenis verloor. Selfs die NG Kerk het in die nuwe konteks nie aangedring op 'n handhawing van sy 1950-standpunte nie. Die konteks het verander en ons het die uitdagings met albei hande aangegryp.

**Verandering in 2011 |** Dit was vir ons almal duidelik dat die UV aan die begin van die 21ste eeu hard moes werk om homself met akademiese integriteit te handhaaf. Standaarde en uitstekende onderrig is vir ons ononderhandelbaar. Ons wil net die beste vir ons studente gee. Hieraan werk ons met oorgawe en toewyding.

As deel van ons strategie om die UV een van die bestes in Afrika te maak, is in 2010 besluit om die wapen en leuse aan te pas om in die nuwe omstandighede die universiteit tot sy reg te laat kom. Hierdie keer het ons simbole eie aan die Vrystaat gebruik, soos die Oranjerivierlelie. Hierby het ons gekies om in die leuse iets oor onsself te sê, eerder as om oor God of oor die geloof aan die woord te kom. Ons leuse sê dus watter waardes (waarheid, wysheid, lig) vir ons belangrik is in ons selfverstaan as universiteit, en die rol wat ons vervul in ons land. Hier is dus weer 'n skuif: van God na die praktiese uitleef van dit wat ons is.

# wapen en **leuse**

Ons het dit baie goed oorweeg voordat ons besluit het om in die 2011-leuse nie iets oor God te sê nie. Teologiese advies in hierdie verband het die volgende uitgewys:

- Geen enkele sin kan die Here God na sy eie reg onder woorde bring nie. Die leuse In Deo Sapientiae Lux skiet ver te kort aan dit wat die Bybel oor die Here sê: dit sê byvoorbeeld niks oor geregtigheid, sonde of oor Christus nie.
- Die teenwoordigheid en eer van God word ook nie gewaarborg deur sy Naam in 'n leuse op te neem nie. Dit kan maklik 'n menslike uitsprake oor God word waarmee (onbedoeld) die 2de en/of 3de gebod oortree word.
- Die leuse In Veritate Sapientiae Lux bevat in sigself niks waarmee Christene en die Christelike geloof nie volle vrede kan hê nie. Die formulering skep juis vir Christene die ruimte om met hierdie leuse op weg te gaan in hulle diens aan die Here God by studie, onderrig en navorsing.
- Deur die Naam van God nie in 'n leuse te noem nie, beteken nie dat God daarmee aan die UV afwesig verklaar of verwyder word nie. So 'n redenasie stry teen die almag en alomteenwoordigheid van God. Hy laat sy teenwoordigheid nie inskryf of uitskryf nie.
- In die waardegedrewe leuse is daar 'n reikwydte gegee wat verseker dat die universiteit as instelling teen niemand diskrimineer, geen godsdienstige tradisie of geloofsoortuiging uitsluit of aan die UV laat onwelkom voel nie. Dit is in lyn met die wese en praktyk van die Christelike geloof. Hiermee het ons iets van die werklike bedoeling van die "Christelike karakter" laat voortleef.

Die verandering van ons leuse kan nie gesien word as 'n verandering van die wese van die universiteit nie.

**Hart van die universiteit** | Die UV het tot stand gekom in 'n arm, verpletterde provinsie. 'n Universiteit was die grootste geskenk wat aan hierdie provinsie gegee kon word om met akademiese integriteit jongmense toe te rus, te onderrig, te vorm en aan geleerdheid te help om in die samelewing 'n saakmakende impak te gaan vergestalt. Dit wil die UV wees in ons land. Die beste vir almal. 'n Tuiste van akademiese uitmuntendheid.

UNIVERSITY OF THE **FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE **VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA **FREISTATA**

UNIVERSITY OF THE **FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE **VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA **FREISTATA**

Photo: Gerhard Louw



# Tiny, yet they can change the world




**By Phelekwa Mpono**

For the first time in ages, I was privileged to step into the Microbial Biochemical and Food Biotechnology laboratories. What many people would normally call "goggas" were the drawing factor. The terrestrial nematodes are invertebrates that could survive extreme conditions like heat, radioactivity and pressure, just like bacteria.

In June 2011 these little worms made it into the acclaimed science journal *Nature*. The fact that there is living proof of their existence is not only changing our knowledge of life in the hot, unbearable depths of earth, but opens the possibilities of life in outer space.

Mnr. Francois Deacon van die UV het besluit om 'n Ph.D.-studie te onderneem om die bestaande uitdagings aan te spreek. Hierdie is die eerste projek van sy soort met kameelperde. Hy sê hy het op hierdie projek besluit as gevolg van sy liefde vir diere en bewaring. "Kameelperde bestaan uit nege subspesies waarvan sewe reeds bedreig is. Ek wil mense hierby betrek en hulle bewus maak van die nood waarin die diere verkeer en die behoefte aan bewaring."

Dr. Floris Coetzee, 'n veearts, het 'n bul op die landgoed verdoof sodat hy 'n halsband met GPS-toerusting aangebring kon word. Die halsbande is ontwerp en gemaak deur mnr. Martin Haupt, wat uitgebreide ervaring in die ontwerp van soortgelyke halsbande in ander navorsingstudies opgedoen het.

# UV help met bewaring van kameelperde



Foto: Earl Coetzee

Dit het mnr. Deacon meer as 'n jaar geneem om die halsbandproses en die studie wat daarmee gepaard gaan, te beplan. Hy sê fondse is die grootste uitdaging vir die projek, aangesien dit ongeveer R500 000 sal kos en oor 'n tydperk van vyf jaar sal strek. Die projek word deur die landgoed, raadgewende ingenieurs asook deur Navorsingsontwikkeling aan die UV ondersteun.

As die loodsprojek suksesvol is, sal tussen vier en agt kameelperde in die Kgalagadi opgespoor word met behulp van die GPS-satelliethalsbande. Die GPS-halsbande sal dit moontlik maak dat die bewegings van individuele kameelperde vir tot twee jaar deurlopend aangeteken kan word. Dit sal die kontrolering en monitering van die diere in reële tyd moontlik maak.

Die hoofvoordele van die projek sluit onder meer in verbeterde besluitneming, insig in toerisme-ontwikkeling, opvoeding en gemeenskapsbetrokkenheid, groter volhoubaarheid en verbeterde oorgrens-samewerking tussen Suid-Afrika en Botswana.



Herero-tradisie seëvier in Bloemfontein tydens die gradeplegtigheid waar Gabriel Ngungaa Hangara sy doktorsgraad ontvang het. Agter, van links, is prof. Izak Groenewald (promoter), dr. Hangara, sy vrou Alma en familielede. Die Namibiese vlag word omhoog gehou deur dr. Hangara se seuns , Vekondjisa (links) en Kamuiike (regs).

# A **student** to be **proud of**

Not everyone can publish 14 scientific papers in accredited scientific journals in two years, but that dedication and enthusiasm separates Dr Douglas Nkosi from the flock. This top student in the Centre for Sustainable Agriculture, Rural Development and Extension at our university received his Ph.D. in 2011.

Born on 14 February 1965 in Nelspruit, Douglas currently serves as a researcher for Small Ruminant Nutrition in the Department of Animal Nutrition of the ARC Animal Production Institute (API) at Irene since 2006.

Douglas joined the Institute at Irene in 1990 as a research assistant with only matric. Here he was involved in in-vitro studies to determine the metabolites of different feeds. This stimulated his interest in Animal Science and in 1996 he started his studies for his National Diploma in Animal Production at the then Pretoria Technikon (now Tshwane University of Technology), which he completed in 1999. In 2000 he completed his B.Tech. at that institution.

He still wanted to study and completed his master's in Sustainable Agriculture, under the study guidance of Prof. Izak Groenewald, at our university in 2001, where he also received the award for the Best Achiever in the programme. Prof. Groenewald is head of the Centre for Sustainable Agriculture, Rural Development and Extention at our university.

Douglas continued with his Ph.D. studies and was awarded a Ph.D. in Sustainable Agriculture 2011. The title of his thesis is "Potato hash silage as an alternative feed resource for smallholder livestock production".

His research interests include:

- enhancing forage conservation and nutritive value with microbial inoculation and feed additives,
- food safety issues relating to forage fed livestock,
- development of alternative feeding strategies to local communities for sustainable rural agriculture,
- evaluation of methods that quantify on-farm animal performance changes.

# gewild by **Namibiërs**

Nagenoeg dertig Namibiërs het die afgelope paar jaar die gesogte meestersgraad in volhoubare landbou aan die Universiteit van die Vrystaat verwerf. Een van hulle het in 2011 'n doktorsgraad in dié vak ontvang.

Dr. Grabiel Hangara het die eerste Namibiër geword wat 'n doktorsgraad in Volhoubare Landbou ontvang het. Sy medelandsgenoot Dirk Kotze het sy meestersgraad in Volhoubare Ontwikkeling cum laude verwerf. Kotze het, nes Hangara, toe hy in 2000 sy meestersgraad voltooi het, die Sentrum vir Volhoubare Landbou en Uitbreiding se prys vir beste prestasie ontvang.

Prof. Izak Groenewald, hoof van die Sentrum vir Volhoubare Landbou en Uitbreiding, sê die aantreklikheid van dié kwalifikasie is dat studente voltyds kan werk en hul meestersgraad deur middel van afstandsonderrig deeltyds kan voltooi . Studente kom vanuit verskeie werksomgewings. Dit sluit in boere, konsultante, onderwysers, asook amptenare van landboukoöperasies, departemente van landbou, insetverskaffers, handelsbanke en landbounavorsingsrade.

Afgesien van afstandsonderrig woon studente drie werkswinkels per jaar in Bloemfontein by waar hulle vakvoorligting kry en praktiese kennis en vaardighede opdoen. Die program strek oor twee jaar. Dit word afgesluit met 'n navorsingsprojek in die student se werkomgewing ten einde die verworwe kennis en vaardighede terug te ploeg in die omgewing van die gemeenskap of werkgewer.

Die relevansie van die studieprogram word vergestalt in vyf fokusareas, naamlik biologiese produktiwiteit, ekonomiese lewensvatbaarheid, bestuur en beskerming van natuurlike hulpbronne, verskansing teen alle vorme van risiko en sosiale verantwoordbaarheid. Landbouproduksiestelsels of verwante landbou-aktiwiteite word gemeet aan hiedie vyf pilare ten einde die volhoubaarheid daarvan te bepaal.

Beide Hangara en Kotze se navorsingsprojekte is relevant vir Namibië. Dr. Hangara ploeg reeds sy kennis terug in sy geboorteland waar hy die ontwikkelingsbestuurder is van die Komeho Namibia Development Agency. Dié nie-regeringsorganisasie word met skenkergeld bedryf en is aktief werksaam in die Omaheke-streek, die vier noordelike streke en die Kavango op die gebiede van landbou-ontwikkeling , gesondheid en onderwys. Kotze, wat jare in die onderwys en bankwese was, doen konsultasiewerk vir SA Truck Bodies en bedryf sy eie slaghuis in Bloemfontein.



In 2010, he was awarded the Norman Borlaug Fellowship Training Program by the USA Department of Agriculture (USDA), and was attached to the Kansas State University in Manhattan where he worked on a collaborative research project that evaluated the effects of bacterial inoculants and enzymes on the fermentation quality of sweet sorghum.

He is currently an internationally well reputed silage expert and has published 14 scientific papers in accredited scientific journals since 2009. He is a member and served as a sub-editor for *South African Journal of Animal Science*, and is regularly engaged in reviewing research papers for national and international scientific journals (such as *Animal Feed Science and Technology*) and research proposals for the National Research Foundation. He serves as a supervisor or co-supervisor for master's students and external examiner for local universities.

The 2010 David Uys Trophy was awarded by the South African Society for Animal Science (SASAS) to Douglas at the 44th Conference which was held in Stellenbosch in July 2011. This trophy is awarded for the best article, emanating from his Ph.D. research, in a particular year by a member of the Society in the *South African Journal of Animal Science.*

Dr Nkosi demonstrated what can be achieved through dedication and hard work. He decided to be the master of his own destiny and in spite of many stumbling blocks and challenges, he did not blame the system or the fact that he was not given all the opportunities. He is a true achiever and dedicated Animal Scientist.



*Dr Douglas Nkosi (middle) is seen here with Prof. Izak Groenewald (left) and co-promotor Prof. Robin Meeske of the Outeniqua Research Farm near George.*

# In the HEAD



## Prof. Danie Strauss vereer vir boek

Prof. Danie Strauss, 'n navorsingsgenoot in die Fakulteit Geesteswetenskappe, het die Dooyeweerd-prys van die Raad van die Vereniging vir Reformatoriese Wysbegeerte in Amsterdam, Nederland gewen. Prof. Strauss, voormalige dekaan van die fakulteit en hoof van die Departement Filosofie by die UV, het die prys vir sy boek *Philosophy: Discipline of the Disciplines* gekry. Die prys word toegeken vir werk op die terrein van sistematiese filosofie.



## Prof. Louis Scott a fellow of the Royal Society

Prof. Louis Scott was awarded the Fellowship of Royal Society of South Africa (RSSA). He is an internationally recognised Palinologist in the Department of Plant Sciences and rated scientist. The RSSA is one of the oldest scientific academies in South Africa and dates back to the 1820s. It was previously known as the South African Philosophical Society. The society received its present name through a grant of the Royal Charter in 1908. Although the society has a number of members, the exceptional category of Fellows is elected by existing Fellows on the basis of their scientific excellence in works published.



## Corli word visedekaan by Natwet

Prof. Corli Witthuhn is in Augustus 2011 as Visedekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe aangestel. Sy was voorheen visedekaan van die Fakulteit Agriwetenskappe by die Universiteit Stellenbosch.

Haar loopbaan as akademikus het in 1999 begin toe sy as dosent by Maties aangesluit het. Sy het talle voorleggings op nasionale en internasionale vlak gelewer en prominente toekennings, soos van die Amerikaanse Patologiese Vereniging, ontvang. Sy het ook aan verskeie navorsingsprojekte, soos by die Vrije Universiteit Amsterdam, Nederland, en die Iowa State University in die VSA, deelgeneem. Sy is lid van verskeie verenigings, waaronder die Suid-Afrikaanse Verenigings vir Voedselwetenskap en Tegnologie (SAAFoST), die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Mikrobiologie, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Suiweltegnologie en die Vereniging vir Toegepaste Mikrobiologie.



## All eyes on Lodewyk and team's nano research

Novel antifungal, anticancer and anti-malaria drugs that have been identified in research of the Department of Microbial, Biochemical and Food Technology made Prof. Lodewyk Kock highly in demand at conferences, seminars and lectures around the globe.

Prof. Kock, outstanding professor in the department, delivered keynote lectures at international conferences of repute in the USA, China and Greece. In the USA he delivered a the keynote address at the Conference & Exhibition on Pharmaceutical Regulatory Affairs (Pharma-2011), held in Baltimore, and was a keynote speaker at the 2nd World Congress on Biotechnology in Philadelphia.

His presentations were based on the discovery of yeast assays linked to a new nanotechnology for medicine. The assays can be applied in the development of novel antifungal, anticancer and anti-malaria drugs.



## Prof. André Keet aan die stuur by die instituut

Prof. André Keet, 'n voormalige adjunkmenseregtekommissaris, het hom by die UV aangesluit as direkteur van die Internasionale Instituut vir Studies in Ras, Versoening en Sosiale Geregtigheid. Prof. Keet neem by mnr. John Samuel oor, wat as waarnemende direkteur opgetree het sedert die instituut se opening in Januarie 2011. Prof. Keet was vanaf 2008 by die Universiteit van Fort Hare as direkteur: Transdissiplinêre Program betrokke.



## Prof. Aldo Stroebel founding member of SAYAS

Prof. Aldo Stroebel, been elected as a Founding Member of the South African Young Academy of Science (SAYAS). He is currently in the Centre for Sustainable Agriculture, Rural Development and Extension, as well as the Director of International Academic Programmes in the Office of the Vice-Chancellor at the UFS. The Young Academy has as its objectives to represent young scientists in advising the government on science and technology policy and human-resource development. They will prepare the SAYAS to join the Global Young Academy (GYA) to engage with high-level international bodies.

## Qwaqwa Campus will get major injection

Our Qwaqwa Campus in the Eastern Free State is in for a facelift. In fact, it will get major surgery in a revitalisation programme that will enhance the importance of this higher education nucleus not only for the area, but South Africa in general.

The aim is to make it a campus of choice in South Africa and beyond. The Revitalisation Process will give the campus a clear identity as an integral part of the UFS.

Dr Paul Keurste, of the consultancy company Kessels & Smit tasked with the repositioning of the campus, said: "The process will culminate in a campus that is attractive to students from varying backgrounds – socially, intellectually and culturally." The process will also be looking at strengthening the academic culture of the campus as well as its role in advancing development in the Thabo Mofutsanyana region.

Amongst others, the developments will include a name change for the campus, the introduction of new and relevant study programmes that directly address the unique needs of the area, renovations to the entrance and the parking area, the upgrading of the dining hall and on-campus roads, and the construction of a student centre, which will be inclusive of both the outdoor and indoor learning spaces and the new residence.



*Students on the campus.*

# In the



## Philippe Burger leads ESSA

Prof. Philippe Burger of the Faculty of Economic and Business Management has been elected president of the Economic Society of South Africa (ESSA). ESSA is a professional scientific association for economists in South Africa. He will remain elected president until September 2012, whereafter he will become president of the society until September 2014.

The society hosts the *South African Journal of Economics*, an ISI academic journal. It also organises the biannual ESSA congress.

The society was established in 1925 and is a discussion forum for economists in academic life, government and business. It has a history of membership from cabinet ministers, governors of the Reserve Bank, chief executives of companies, directors general of government departments, academic leaders and prominent economists. There are approximately 700 members and eleven branches throughout South Africa. – Stefan Lötter.



## Daniella aan die stuur by Oopleer

’n Skool vir Oopleer is op die UV se Suid-kampus in Bloemfontein gevestig met prof. Daniella Coetzee aan die stuur. Die nuwe skool is geskoei op die beginsel van die oopstel van toegang tot hoëronderwysinstellings vir diegene wat nie die geleentheid gehad het om daar te studeer nie, hetsy as gevolg van geografiese ligging, sosio-ekonomiese omstandighede of ander faktore. Programme word deur middel van ’n gemengeleermodel, waarin kontakleer met afstandleer vermeng word, aangebied

Die skool werk met sal met die verskillende fakulteite saamwerk en bestuur die deurlopende opvoedkundig geborgde ondernemings van die Fakulteit Opvoedkunde. Dit sluit projekte vir indiensopleiding van onderwysers in Wiskunde, Natuur- en Fisiese Wetenskappe, Tale, Geletterdheid, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Tegnologie en verskeie terreine van Bestuur en Leierskap in.

Behalwe vir die indiensopleiding van huidige onderwysers, is die skool en die Fakulteit Opvoedkunde ook by die professionele opleiding van VOO-kollegedosente betrokke en het dit ’n inspuiting van R17 miljoen van die Vlaamse Regering ontvang om ontwikkeling en dienslewering in hierdie area verder te ontwikkel. ’n B.Iuris.-program, gerig op die polisiediens, sal in 2012 begin.



## Postgraduate School is one of a kind

Our Postgraduate School was launched with the aim of bringing research-based education in line with national priorities and the focus of the UFS Academic Turnaround Strategy of 2010. It spans across our facilities.

The focus of the school is to produce graduates who are global citizens, research literate and able to reflect ethically on the purpose, process and product of research; to improve throughput rates of postgraduate students; and to make the experience of being a postgraduate at our university one which is stimulating, enjoyable and which contributes to the development of people beyond the limits of their disciplines.

*Prof. Neil Roos is Director of the school.*



## Johan Grobbelaar internasionaal vereer

Aftrede is nie 'n woord wat prof. Johan Grobbelaar van die Departement Plantwetenskappe ken nie.

In 2011 is hy sonder voorafkennis deur die Internasionale Vereniging vir Toegepaste Fikologie tydens sy driejaarlikse kongres in Halifax, Kanada vir sy voortgesette en uitstaande bydraes in wetenskap vereer. Dit was die vierde kongres van hierdie vereniging, wat voorheen as die International Society for Applied Algology bekend gestaan het. Prof. Grobbelaar het van 1999 tot 2002 as president van die vereniging gedien en het in 1996 die vereniging se kongres in Suid-Afrika gereël.

Prof. Grobbelaar doen sedert 1976 navorsing oor algbiotegnologie en het onder meer die bou en inwerkingstelling van die eerste kommersiële produksieaanleg in Suid-Afrika gelei. Sy navorsing sluit in die gebruik van alge om koolsuurgas op te neem en om sodoende hierdie omgewingsprobleem aan te spreek, produksie van aanvullende voedsel en gesondheidsvoedsels, en die benutting van alge as bioenergie.





## Most read articles

*FEMS Yeast Research*, a top international journal, named their three "most read articles" of 2011 based on the number of downloads from their website. Of these three published papers, two are from our Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology.

The article The yeast Saccharomyces cerevisiae – the main character in beer brewing was authored by Prof. Bettie Lodolo, Prof. Barry Axcell and Mr Martin Brooks, all three from the SAB Ltd., Gauteng and Prof. Lodewyk Kock (of our Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology). This article was also listed as one of the three most cited articles of 2010 published in this journal.

The second paper, The alcohol dehydrogenases of Saccharomyces cerevisiae: a comprehensive review, was authored by Dr Olga de Smidt (Central University of Technology and a former Ph.D. student of the UFS department), Prof. Koos Albertyn and Prof. James du Preez (left) (both from Department of Microbial, Biochemical and Food Biotechnology.)



## Nicky Morgan appointed as the new Vice-Rector: Operations

Prof. Nicholas Morgan was appointed as Vice-Rector: Operations in the position of Prof. Niel Viljoen, who is retiring on 31 March 2011. Prof. Morgan formerly served as the Deputy Vice-Chancellor of the Central University of Technology, Deputy Vice-Chancellor of the University of Johannesburg, Interim Vice-Chancellor at the Walter Sisulu University and Vice-Chancellor at the University of Transkei.

Prof. Morgan is a former Fulbright Fellow and holds a M.Sc. degree from Cornell University in New York, an MBA from Stellenbosch University and a B.Com. in accounting and business economics from the University of the Western Cape.



# Nuwe ingang vir trotse UV

Die Bloemfontein-kampus van ons universiteit het in 2011 'n nuwe hoofingang gekry, wat dit een van die fokuspunte in die hooftoegangsroete van die stad maak.

By die opening van die hek het prof. Jonathan Jansen, Visekanselier en Rektor, gesê die nuwe hek simboliseer 'n universiteit waar dinge aan die gebeur is, 'n universiteit wat akademies transformeer. Dit dra ook die nuwe handelsmerk van die UV uit wat in 2011 bekendgestel is.

Michael Cronjé, 'n vierdejaarstudent in Argitektuur, het in sy derde jaar in 'n klaskompetisie met die ontwerp vorendag gekom en dit is deur die argiteksfirma Die Roodt Vennootskap verfyn. Die sewe kolomme wat op die ingang volg, vergestalt die sewe fakulteite aan die UV en is ook in die kleure van dié fakulteite geverf.

Prof. Jansen het aan Michael gesê sy nageslag kan eendag trots wees op sy nalatenskap aan die universiteit.



# Personeel

# Nuwelinge by Kovsie-teologie

*Deur Stefan Lotter*



Anlene Taljaard (links) en Helené van Tonder.

Foto: Stefan Hotter



Teologie is nie net 'n manswêreld nie. Nuwe gesigte by die Fakulteit Teologie is bewys daarvan.

Me. Anlene Taljaard en me. Helené van Tonder het in die tweede semester van 2011 die eerste vroulike dosente in teologie geword om voltyds by die UV aangestel te wees. Anlene het aan die Stellenbosch Universiteit (SU) en ook die Vrije Universiteit Amsterdam, Nederland gestudeer.

Anlene sê: "My kennis is bevraagteken en uitgedaag deur die gemeenskap van Gugulethu, in besonder deur die lidmate van die JL Zwane Presbiteriaanse Gemeente van Gugulethu in Kaapstad." Vandaar dan ook haar navorsingsbelangstellings.

"Gugulethu beteken 'ons erfenis' en watter 'tipe erfenis' ons deur die toepassing van ons kennis nalaat. Dit bly 'n kritiese en meestal etiese vraagstuk. Ek stel daarom belang om na die verband tussen kerk en samelewing binne die Suid-Afrikaanse konteks te kyk en van die spesifieke teologiese bydrae tot die openbare sfere te ondersoek." Haar eie studie fokus tans op die hoëpriesterskap van Christus binne die gereformeerde tradisie.

Helené, wat self tot verlede jaar ook by die SU was en by die Umeå Universiteit vanaf Januarie tot Junie 2008 gestudeer het, meen dat haar belangstelling eerder deur "tendense in hedendaagse historiografie (soos beïnvloed deur filosofie van geskiedenis) en die invloed daarvan op kerkgeskiedenis geprikkel word. "Ek hou ook van flieks wat my die volgende oggend fronsend laat wakker word. *Biutiful* is die mees onlangse voorbeeld hiervan."

Net soos Helené, haak Anlene ook nie net by die teologie vas nie.

"Reis, stap ingesluit, bly 'n groot lekkerte waardeur 'n mens altyd iets nuuts van jouself en ander ontdek en ook verwonderderd kan bly oor die wêreld waarin ons leef," vertel sy. "Ek geniet dit om kookboeke en resepte van ander plekke af huis toe te bring en hoop dat ek nog eendag my vriende met my kookvernuf sal kan beïndruk."

Daar lê volgens hierdie twee dames "'n wêreld van lees en dink en skryf voor" waartydens hulle uitsien om die studente se leefwêrelde te leer ken en saam met hulle, asook hul kollegas, deel te raak van groter nasionale en internasionale teologiese gesprekke.

# Charles Dumas brings a touch of Hollywood

***By Cindé Greyling***

Professor Charles Dumas was appointed as extraordinary professor in the Drama and Theatre Department at the University of the Free State. This is very good news considering the video unit planned for the department, because Charles brings many years of Hollywood experience along.

With his warm American accent he humbly laughs off his exceptional curriculum vitae. "When you reach my age, you must have done something!"

It is clear from his qualifications and experiences that Charles has a rich and full live. Both academically and practically. He boasts a long list of theatre productions and films which he either directed, wrote, produced or starred in.

If you would like to see him in action, dust off your *Deep Impact* or *Die Hard III* DVD and look out for Jeff Worth or Agent Cross. And those of you who remember *Jake and the Fatman*, Rev. Styles was played by Charles.

Before Charles pursued acting, he was a lawyer. "The first time I came to South Africa was as a lawyer in 1978," he clarifies. Not that his first career prepared him for acting very much!

"Initially, I was not able to get cast for one single lawyer or judge role. Then I realised what I was doing wrong – I was playing a real lawyer! And a real lawyer would first of all try to avoid going to court. Secondly, that finger waving and cocky attitude, that is Hollywood style! But after I understood what the directors were looking for, my dull courtroom days were forever over."

Charles will be spending three months per year at Kovsies for three years. However in 2011, he was staying for six months to help develop filmmaking at the department.

A special moment was when Dumas' original play, *Our Fathers Daughters*, about two Afrikaner women opened the seminar on reconciliation. This seminar was sponsored by the International Institute for Studies in Race, Reconciliation and Social Justice. The play will later be made into a film.

During his stay he also directed *Seven Guitars* for the Grahamstown Arts Festival. The play was written by the premier African-American playwright August Wilson and picked because the circumstances are similar to the situation in South Africa. It was the first multicultural production of the play. Wilson wrote very specifically in a black American voice. Only blacks have played these roles. However, this culture is relatively foreign to all South Africans, regardless of colour.

And something that many people look forward to, is the Spike Lee Film Seminar. Again together with the International Institute for Studies in Race, Reconciliation and Social Justice, a nine-week seminar will be presented with the focus on the films of film maker Spike Lee. "Though American and South African race relations are different, emanating as they do from different histories, there are lessons to be learned from an interrogation of Lee's narratives and documentaries," Charles explains. Therefore a brief lecture by Charles will precede each film, placing it in American and South African context and followed by a town-hall type discussion on the issues of race and reconciliation.

"So far, I really like Kovsies. As Bishop Tutu observed, the students are amongst the happiest I have seen. I think your rector is a wise man with forward thinking ideas, yet he is approachable and down to earth," Charles talks about his time on campus.

He hopes to leave behind special skills and a medium through which South-Africans can tell their story. Through film.



Photo: Anja Aucamp

# Arbeidswetgewing word swak toegepas, sê dr. Cilliers

*Deur Stefan Lotter*

Die feit dat dr. Quintin Cilliers gedurende 2011 se herfsgradeplegtigheid by ons universiteit sy meestersgraad (LL.M.) gekry het, is nie juis nuus nie. Wat hy egter as die tema van sy verhandeling gekies het en uit die ervaring wysgeraak het, is wel indrukwekkend.

Dr. Cilliers het sy voorgraadse studies by Kovsies voltooi en sy LL.B.-graad in 2008 met lof verwerf. "Gedurende 2010 was ek by Webbers Prokureurs as 'n klerk werksaam en het gepoog om my verhandeling te voltooi," sê hy. Uiteindelik het hy in 2011 sy meestergraad verwerf is en is werksaam as junior lektor in ons Departement Handelsreg.

Sy meestersgraadverhandeling ondersoek krities die toepassing en noodsaaklikheid van die reg om te staak, veral met betrekking tot werknemers wat in diens geneem is in 'n noodsaaklike diens. Die Suid-Afrikaanse regsposisie rakende die kwessie word uiteengesit en vergelyk met die regsposisies van die Internasionale Arbeidsorganisasie, die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika.

"Die tema van my verhandeling is baie relevant tot die arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika tans," vertel dr. Cilliers. "My motivering vir die onderwerp het hoofsaaklik gekom van die staking in die openbare sektor in 2007, wat Suid-Afrika byna op 'sy knieë' gehad het. Ons land gaan steeds gebuk onder stakings, wat moontlik verreikende gevolge vir landsburgers kan inhou en daarom is dit belangrik om vas te stel wat die oorsake van die swak arbeidsverhoudinge is."

Dr. Cilliers se verhandeling toon dat die huidige Suid-Afrikaanse arbeidswetgewingteorie baie goed is. Dit word ongelukkig swak toegepas en afgedwing, ten spyte van die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Hierdie is duidelik uitgebeeld tydens die stakings in die openbare sektor in 2007, 2009 en 2010, waaraan menige noodsaaklikedienstewerknemers deelgeneem het.

Ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge word mense in dienste wat spesifiek as noodsaaklike dienste geklassifiseer is, verbied om te staak. Voorbeelde van noodsaaklike dienste sal die SAPS, verpleegsters, dokters en selfs soms munisipale werkers insluit. "Dit behoort dus duidelik te wees waarom hierdie dienste nie aan stakings behoort deel te neem nie. Ongelukkig is dit nie wat in werklikheid gebeur nie."

Die lande wat met Suid-Afrika vergelyk word, het elk verskillende wyses waarop dit stakings en noodsaaklike dienste hanteer. Hieruit is dit duidelik dat die reg om te staak 'n belangrike internasionale instrument van kollektiewe onderhandeling is, maar ook dat elke land se noodsaaklike dienste in gelyke mate belangrik is. Elke land plaas ten minste een of ander beperking op noodsaaklikedienstewerknemers se reg om te staak.

Suid-Afrikaanse arbeidsreg is nie perfek nie en kan deur middel van regsvergelyking verbeter word. Hierdie verbetering, soos duidelik sal blyk, is noodsaaklik vir die lewe, gesondheid en persoonlike veiligheid van elke individu in die land, sê hy.

Dr. Cilliers sê dat die verkryging van sy meestersgraad moontlik die belangrikste stap na 'n suksesvolle en betekenisvolle akademiese loopbaan was. "Ek kan werklik nie aan 'n beter tersiêre instelling dink waar ek dit sou wou doen nie. Die vriendelikheid, kundigheid en hulpvaardigheid van die akademiese en administratiewe personeel, soos dr. Jaco Deacon en prof. Elizabeth Snyman-Van Deventer, het my werklik gedra tydens die moeiliker dae en die tye waar ek 'writer's block' gehad het.

"Kovsies bied die beste geleenthede, sowel as die fasiliteite en kundigheid, aan nagraadse studente om hul akademiese mikpunte te bereik, mits die student sy kant bring."



Dr. Quintin Cilliers.

Foto: Dries Myburg

# **Hussein** has a head

Considering all that Professor Hussein Solomon has done during his journey to the Department of Political Science you would expect to greet an old man with silver-grey hair. Think again!

As confidently as Hussein speaks about his field of interest, he greets in Afrikaans! Unlike most people involved in politics, you soon realise there is no hidden agenda here. Not that he is spared the sparks of a live in the "political eye"!

"My work on Islamic fundamentalism in South-Africa got me into trouble with some sectors or the Muslim community after it has been selectively quoted from by media. This then resulted in death threats against me and my family," he explains.

According to Hussein, he was politicised at a young age, given the anti-apartheid movement. This led to his interest in history and politics. "I was involved in the Natal Indian Congress and the United Democratic Front and that pushed me to study politics further," he says. Hussein was also an activist in that he worked as a conflict resolution expert for the African Centre for the Constructive Resolution of Disputes and Global Action to Prevent War as well as the Swiss Peace Foundation.

"I also honed my research skills at institutions like the Centre for Southern African Studies at the University of the Western Cape, the Institute for Security Studies, the Department of War Studies at King's College, London and then the University of Pretoria," Hussein elaborates on his career up to now. "I was attracted to the strong research ethos at Kovsies under the dynamic leadership of Prof. Jonathan Jansen," he explains his move to central South Africa.

In Bloemfontein you will find Professor Hussein Solomon teaching a third-year module on Political Theory, an honours module in International Relations Theory, and an honours module in War Economies. "The supervision of postgraduate students is another one of my key responsibilities, whilst also focusing on my current research."

Hussein does not find an interest in politics, strange at all. In fact, it may be strange that people prefer to turn a blind eye. "The study of politics is essential for every person," he says. "It arms one with the ability of making a difference in the life of your community and further afield."

With so many accomplishments that one can tick off that "to-do" list that you have for your life, what else could you possibly still want to achieve? But Hussein is not nearly done in his effort to make a difference in the world. "Having published two books in 2011, I guess that right now, I am going less for quantity," he takes a moment to think. "Maybe, like any writer would probably do, I am seeking that elusive 'the publication' which you will be remembered for. Something which would also have a practical aspect in making people's lives better."


When speaking to someone with so much experience, knowledge and insight into politics, it is difficult not to ask that one question on every South African's mind: What is going to happen to us? Is there any hope, or are we beyond repair?

"Under the current leadership in South Africa, I have a dim view of South African politics," he says the words that we hate to hear. "I believe that political instability will increase as a rapacious political elite spews out more populist slogans whilst at the same time filling their pockets."

So, what do we do, you want to cry out. And when Hussein answers, he displays a part of his humorous self: "I try to adopt a more positive view by doubling my dosage of Prozac!"

But don't despair, he says, there is hope. It all depends on your outlook on life, like his favourite slogan goes: "Hou moed, more is nog 'n dag!" (Don't despair, tomorrow is another day.)

# for **politics**



**Professor Hussein Solomon**

Photo: Stephen Collett



Photo: Anja Aucamp

# Baby steps towards **great** strides for Hasina

By Cindé Mostert



**At the Early Childhood Foundation Phase Education division, Professor Hasina Ebrahim and her team take great strides. Their vision is "Let's join hands (care professions, policy makers, early educationists, NGOs) to Shape Strong Foundations for Young Children."**



The move towards this vision begins in dialogue at a September-month seminar. But Professor Hasina's journey began many years ago.

"My journey to Kovsies relates to my passion to learn, grow and develop," she says. She undertook many initiatives at the University of KwaZulu-Natal, but wanted a broader application for her work. "The warm reception at Kovsies and the support received thus far in my quest to broaden the horizons are most promising." Through several initiatives planned Hasina intends making the Kovsies Early Childhood Foundation Phase division the best it can be. Plans are underway to engage students, staff, alumni, mentor teachers and the provincial department of education.

Her career highlight would have to be her Ph.D., she says. She explored the constructions of early childhood. "It was for the first time I really engaged with the idea that knowledge is socially constructed. This discovery was very powerful. I felt myself growing in multiple ways – personally, culturally, professionally and academically. I became deeply reflective and conscious of who I am and where I am heading in life."

Where Hasina is now, and what she has accomplished, are many miles away from where she was as a little girl. Her spirit, however, has remained the same. "I grew up in an environment with scarce resources. But the one thing that both my dad and my mother instilled in me is that hard work will get you anywhere you want to go. I started dreaming of being a teacher and then acted it out with the flowers in the garden. When the seed is planted it seems like growth is inevitable. So here I am – in the professoriate and all."

Her most valuable life lesson was that you can be anything if you dream, action your dreams and reflect. "I don't let fear put the brakes on something that is morally good."

And she dreams big for her next academic endeavour. "I would like to be heading the first Institute for Early Childhood Care and Education (birth to 9 years) dedicated to the aphorism: Think locally and Act globally. In other words, I want to, through the Institute, build academy for research to produce knowledge and action to expand global thought on early childhood.

"I feel that going down this path will be significant towards improving child outcomes in South Africa. I have a difficult task ahead but strongly believe that through inspired visionary leadership and a community of support, this is possible."

To persevere in an academic career, that may often look dull and unappreciative, Hasina believes the best way is to get into it. "From the outside everything looks intimidating and unattractive. Once you are in it you begin to develop perspectives by virtue of being involved. So, roll up your sleeves, keep an open mind and just do it. The scenery changes and as it does you decide if you want to be an insider, an in-betweener or an outsider.

"What I do in early childhood is not the work of a professor," she explains, "rather, it is a passion of an individual who believes that she can change the contours of what exists (for the better of course) and against the many odds."

And at home, this passionate professor is someone who juggles many roles, "but never forgetting the roles of being a friend, mother and a wife".



Jaco en sy vrou Tamari met dogter Suné, oudste seun, Franco en kleinding Hannes.

# Deacon x 5 is trotse Kovsies

*deur Leonie Bolleurs*

My belewenis van Kovsies was altyd een van "jy tel" en "ons ken mekaar". Dit is die woorde van Jaco Deacon, Kovsie-alumnus en ook voormalige dosent in ons Fakulteit Regsgeleerdheid. Die term "ons ken mekaar" het toe veel verder gegaan as net goeie herinneringe van 'n studentelewe op die Bult. Die vyf Deacon-boeties en -sussies het ma en pa Deacon se voetspore gevolg en nie net by Kovsies gaan studeer nie, maar ook elke met 'n Kovsie getrou. Leonie Bolleurs het Jaco gevra om die Deacon-Kovsies-storie te vertel.

***Jy is een van die vyf kinders in julle gesin wat hier kom studeer het. Hoekom het jy besluit om ook by die UV te studeer?*** Ons is Kovsies in murg en been en die keuse was nie moeilik nie! My ouers was Kovsies. Pa het teologie gestudeer en ma is 'n maatskaplike werker. Om die beste te wees, studeer jy net by die beste en Kovies se regsfakulteit is bekend vir sy uitnemendheid. Die feit dat Bloemfontein ook die geregtelike hoofstad is, het 'n groot rol gespeel.

***Wat het jy studeer?*** Ek het in 1997 LL.B. begin studeer en in 2001 graad gekry. In 2002 voltooi ek my LL.M. en ek het op 2011 se herfsgradeplegtigheid my LL.D. ontvang.

***Wat het jou broers en susters gestudeer?*** Ons is vyf kinders en ek is die oudste. Eduard het medies studeer en in 2003 graad gekry. Hy praktiseer in Kroonstad. Arina is 'n fisioterapeut en het ook in 2003 graad gekry. Sy praktiseer in Trichardt. Francois, 'n ekoloog en het in 2006 B.Sc. (Dierkunde en Geografie), 2007 B.Sc. Honneurs in Natuurlewebestuur, en 2010 M.Sc. in Natuurlewebestuur studeer. Hy is tans dosent in Vee, Wild en Weiding aan die UV en het vir sy doktorsgraad geregistreer. Magda is ook 'n fisioterapeut en het in 2008 graad gekry. Sy werk by die Pasteur-rehabilitasiehospitaal.

***Ek verneem julle almal het ook julle gades hier ontmoet. Is daar 'n spesiale storie?*** Al vyf van ons het ook met vyf Kovsies getrou. My grootste vangs op Kovsies was egter nie my graad nie, maar my lieflike vrou! Ek en Tamari (Fourie) het van ons eerste jaar af uitgegaan en het mekaar op kampus ontmoet. Sy was in Soetdoring en die kamermaat van een van my skoolvriendinne, Corina. Corina het later agter gekom dat ek by die koshuis begin kuier al is sy nie daar nie.

Tamari het onderwys gestudeer en ook haar honneurs by Kovsies in remediëring gedoen. Ons het saam gejool, intervarsity op die Puk gehou, produksies in die ou Scaena gaan kyk, Kovsiekerk bygewoon en piekniek by Mooimeisies gehou. Ons was in Desember al tien jaar getroud en het drie kinders.

Eduard en Letha (Viljoen) is 'n VCSV-vakansiediensliefde en beide was deel van die Kovsiekerk se vakansiediensspan na McDougallbaai. Letha is 'n arbeidsterapeut en was in Wag-'n-Bietjie. Arina is met Johan Kleyn getroud. Hy het B.Rek. gestudeer en is nou 'n GR, maar was deel van die Veritas-sêrgroep wat die eerste nasionale kompetisie gewen het en 'n CD opgeneem het. Hulle was beide deel van Kovsiekerk se vakansiediensspan na McDougallbaai en vandaar die verhouding.

Francois is met Cornelia (Van Zyl) getroud. Sy het arbeidsterapie studeer. Hulle was by elke denkbare aksie op kampus betrokke en Kovsiekerk se Afrika-uitreik was die romantiese een. Magda (Blommie soos sy op kampus bekend is) is met Innes Wessels getroud. Innes was in Vishuis (later prime) en het konstruksiebestuur geswot. Magda was in Soetdoring en hulle het saam met Vishuis gejool en mekaar daar leer ken. Hulle het op Kovsiekerk se Afrika-uitreik besef hulle is vir mekaar bedoel.

***Sal jy jou kinders ook na Kovsies stuur?*** Ons sal graag ons kinders na die beste universiteit wil stuur en daar is absoluut geen rede waarom dit nie Kovsies sal wees nie. Universiteite word egter nie meer bloot op lojaliteit gekies nie, maar op uitnemendheid en ek is daarom opgewonde oor die pad wat Kovsies stap om ook internasionaal sy merk te maak. Kovsies sal dus bepaal wie oor 'n paar jaar daar sal wees!

***Jy was in die akademie en is nou in die openbare sektor. Wat het jy by Kovsies geleer wat jou help om 'n verskil te maak waar jy werk.*** Jy kan vandag maklik inligting versamel, maar mensekennis, kommunikasie, lojaliteit en integriteit is iets wat beleef moet word om deel te kan word van jou bestaan. Ons was die geslag op kampus toe Engels ingevoer is en meer as een ras- en kultuurgroep op kampus was. Ons was as studente deel van worstelproses oor transformasie en die ondervindinge en lesse wat ek daaruit geleer het, is deel van wie ek nou is. Ek het geleer om meer te luister, inligting te versamel en dan eers besluite te neem en menings te vorm, en dit is vandag deel van my werk.

FEDSAS staan binne die stryd oor kwaliteitonderwys in Suid-Afrika en dit is daarom belangrik dat ons met bekwame kundigheid en integriteit aan prosesse binne onderwys en soms litigasie in howe moet deelneem. My belewenis van Kovsies was altyd een van "jy tel" en "ons ken mekaar" en is gekenmerk deur hegte bande wat tussen studente, maar ook tussen dosente gebou is.

As personeellid is ek ewig dankbaar vir geleenthede wat geskep is om internasionale bootstelling te kry en horisonne te verbreed en dit is daarom moeilik om sommer net bande te breek. Ek is daarom steeds betrokke by die Sentrum vir Arbeidsreg en op die bestuur van die Kovsie Regsalumni.


Die Deacon-Kovsie-familie.

# International organised has close





Prof. Barry Rider, respected amongst others for the vital role he is playing in the struggle to combat money laundering and organised and economic crime, has a relationship of more than 20 years with our university.

In this time, he received the Doctor Legum (honoris causa) for his involvement with the drafting of money-laundering and insider-trading legislation. The university has also appointed him as Professor Honorarius in our Faculty of Law for his vast and pivotal role in international law reform as an academic law reformer.

Prof. Johan Henning, Dean of our Faculty of Law and Senior Fellow of the Institute of Advanced Legal Studies of which Prof. Rider is a director, said: "I am privileged to have been associated closely with the institute since 1988, which enables me to appreciate the nature and scope of the impressive changes effected by Prof. Rider. Under his leadership the institute was developed into a research institution of great value to the United Kingdom, the Commonwealth and especially Southern Africa."

Prof. Rider, researcher in mainly financial law and the control of economic crime, is not only respected by many colleagues in our Faculty of Law but he is also making a difference in the international legal arena, combating economic crime from the UK to the China as his book The Prevention and Control of International Financial Crime was published by the Central Bank of China. He is the only non-Chinese to be appointed by the Supreme People's Procuratorate (SPP) to advise on controversial cases, and he is also on the Standing Counsel to the Central Bank of China.

Although he has taught mainly at Cambridge and London Universities he has also delivered valuable contributions as an academic in various fields of law. Most impressively, he has supervised well over 200 successful Ph.D. candidates and over 130 successful M.Phil. candidates in areas such as company law, commercial crime and banking, commercial fraud, money laundering control, globalisation of financial markets and international trade at amongst others the Universities of Cambridge, London, Paris, Geneva, Copenhagen, Ghent, Heidelberg, Regensburg, Rome, Genoa, Sienna, Palermo, Budapest, Free State, Malaysia, Singapore, Beijing, Taiwan, Monash, New South Wales and the Philippines.

He has read papers and taught at more than 300 universities and conferences in more than 63 countries. He is author to more than 35 legal handbooks and has made a substantial contribution to several more specialist publications. He is editor of, amongst others, *The Company Lawyer*, the *International and Comparative Corporate Law Journal* and the *Journal of Financial Crime.*

Prof. Rider is also the principal architect of the world-renowned annual international Symposium on Economic Crime held at Jesus College, Cambridge since 1982. It consistently draws more than 1 500 participants from 90 or more jurisdictions. "With the Symposium, Prof. Rider has created a lasting event unique in scope and purpose," Prof. Henning said.

In terms of research Prof. Henning is proud to mention our collaboration with Prof. Rider with regard to the *Company Lawyer*. Our university is also working closely with Prof. Rider on a number of joint research programmes and regional training workshops, for example in Lesotho. Together with Prof. Rider, our Institute for the Advancement of Legal Studies is also working on a project to protect the legally vulnerable.

Working for the big international law firm, Bryan Cave Prof. Rider admits that it is working in the field that makes him tick. Organised crime is not only text book material for this Sherlock Homes of financial crime; it is the material which real-life investigations are made of. In one of his cases one of the largest money-transmitting businesses was engaged in money laundering.

But why the focus on financial crime? "Most things in the world go wrong because of greed. If you as lawyer want to try to promote sustainable development and integrity, then it is important to focus on the economical aspects of crime. Especially when one looks at what/where the world's economy will be in a few years from now – China," Prof. Rider said.

What could our students learn from this legend in the field of law? "Our students must equip themselves to

# crime expert ties with the **UFS**

*By Leonie Bolleurs*

adapt to change, as it is likely that in their lifetime they will, even when they remain in law, have four to five different jobs. With education, students learn to add value to what they do. They learn to achieve change effectively, to be comfortable with change and to think out of the box.

Prof. Rider is married and has one daughter. When he is not working on his research or playing Sherlock Holmes he is restoring his thirteenth-century, 35-room, medieval abbey (with ghost and all, he says) in a village in England with some of the oldest houses in Britain.

As part of his appointment as Honorary Professor in the Faculty of Law, Prof. Rider often delivers lectures in the faculty. During his latest visit to our university, Prof. Rider's lecture on Stewardship in Islamic Financial Law and shed light on the importance of this topic in today's economy.



Prof. Barry Rider.

Photo: Leonie Bolleurs

# Voer hulle koek **vs. gee hulle opleiding**

*Deur Cindé Greyling*


Dr. Adri du Plessis.





Dr. Adri du Plessis van die Fakulteit Regsgeleerdheid doen navorsing met die hoop om bemagtiging op voetsoolvlak 'n werklikheid te maak.

Foto: Dries Myburg

"Wat my die meeste gegrief het van BEE is die onregverdigheid daarvan. Die rykes word net ryker, en die mense, wat eintlik daarby moet baat, bly in armoede voortploeter." So verduidelik Adri die dryfveer agter die navorsing wat sy rakende die tekortkominge van Swart Ekonomiese Bemagtiging (BEE) gedoen het.

Maar tipies aan die gehalte van navorsing wat Kovsie-studente doen, wys sy nie net probleme uit nie, maar stel ook werkbare oplossings voor.

"Iets wat ook wyd deur die media gedek word, is die sogenaamde eienaarskaptransaksies wat die huidige wanbalans net vererger," verduidelik sy. Hierdie tipe transakies gee aan voorheen benadeelde groepe eienaarskap in besighede in die vorm van aandele. Maar net 'n handjie vol skatryk individue word – by herhaling – hierdeur bevoordeel.

"Vir hierdie soort transaksie kry maatskappye baie punte op die BEE-puntekaart, maar ek stel voor dat hulle meer punte moet kry vir wat ek noem werknemer-eienaarskaptransaksies." Dit behels dat besighede eerder vir hulle eie werknemers aandele in die maatskappy moet laat bekom. Die werkers stoot klaar hulle arbeid in die maatskappy in en beskik ook oor die nodige vaardighede om verder by te dra tot die sukses van hierdie ondernemings. "Dit maak net soveel meer sin," sê Adri. Omdat besighede nie dadelik finansiële voordeel uit so 'n transaksie trek nie, behoort hulle meer BEE-punte daarvoor te kry.

Verder meen Adri ook dat maatskappye wat individue 'n "eerste keer" met so 'n transaksie bevoordeel, baie meer erkenning behoort te kry. Op die manier verhoed jy ook dat dieselfde multi-miljoenêrs net meer en meer voordeel uit BEE-transaksies trek. En natuurlik word al hoe meer mense dan so bevoordeel.

"Indië het 'n stelsel waardeur die roomlaag van voorheen-benadeeldes hulle status verloor as lid van die groep," verduidelik Adri. Die kaste-stelsel in Indië (wat verwys na hulle klassestelsel) het ook groot ekonomiese onregverdigheid tot gevolg gehad. Maar gestel jy het tot 'n benadeelde kaste behoort, maar het reeds baie voordeel uit regstellende programme getrek, word jy uit daardie groep uitgehaal. "Dit voorkom dat mense wat byvoorbeeld reeds hoë posisies in die regering bekom het, of wat reeds baie grond besit, steeds aanhou voordeel trek, terwyl die armstes van die armes voortsukkel," sê Adri.

Adri meen ook dat onderrig en vaardigheidsontwikkeling baie meer erkenning op die BEE-puntekaart behoort te geniet. "Wanneer jy vir iemand 'n salaris gee," meen sy, "bemagtig jy hom vir 'n maand of drie. Dieselfde geld vir enige ander transaksie. Maar wanneer jy vir iemand 'n kwalifikasie gee, bemagtig jy hom oor die lang termyn. Onderrig is régte bemagtiging."

Sy beveel aan dat die proses beter gemoniteer moet word en etiek, wat korrupsie moet kortvat, ook nog baie aandag kort. "Korrupsie het 'n negatiewe effek wat deur die ekonomie spoel, en so die hele land benadeel."

Deur haar navorsing hoop Adri dat mense op voetsoolvlak 'n regverdige kans sal kry. Soos wat dit nou is, is die potensiaal vir onregverdigheid en die moontlike ontkenning van menseregte groot. Ons Grondwet, voel sy, spel gelykheid uit, maar ons sukkel om daarby uit te kom. Tog, meen sy, is daar hoop: "Ek glo as die benadering van die proses verander, sal daar gouer as wat ons dink regte ekonomiese gelykheid wees."

# Twee **bekwame** fotograwe in een **fakulteit**



Hy is met die maan gepla en sy is 'n Griek wat nie hou van olywe nie. Dis van die kenmerke wat Jaco van der Merwe en Desi McCarthy, twee van ons personeellede in die Fakulteit Opvoedkunde, uitlig om hulself te beskryf. Die twee is nie net kollegas nie; albei is ook kunstig, hou van lees en het grade in sielkunde. Desi het 'n honneursgraad in Sielkunde en Jaco is tans besig met syne. Dis egter nie waar die ooreenkomste tussen die twee ophou nie, albei skuif ook graag agter die kamera in. Amanda Tongha het met die twee gesels.

**Hoe lank beoefen jy al fotografie en waarop fokus jy graag?**

**Jaco:** Vanaf 2007 sien ek fotografie as 'n stokperdjie wat so nou en dan 'n geldjie inbring. My fokus is op kunstige, hoewel intense detail, meestal abstrakte swart-en-wit foto's . Ek hou daarvan on foto's uit 'n ander hoek te neem.

**Desi:** Ek beoefen fotografie al 'n paar jaar lank, maar dit het eers sowat vyf jaar gelede meer as 'n stokperdjie begin word en in 2009 het ek my eie ateljee geopen. Ek hou van emosionele swart-en-wit foto's. Ek hou daarvan om mense af te neem, hul emosies, hul oë, hul gemoedstemming op 'n spesifieke oomblik, die verhouding tussen hulself en diegene waarvoor hulle lief is. Ek hou daarvan om hulle te wys wat hulle voel, maar nie kan sien nie.

**Wat maak jou 'n goeie fotograaf?**

**Jaco:** Ek het die gawe om mense gemaklik voor die lens te laat voel, wat tot ontspanne en spontane foto's lei. Ek sien my foto's as kunswerke.

**Desi:** My kliënte vertel my ek gee hulle daardie persoonlike aanraking. Hulle hou van my pretmakery en gemaklike benadering om foto's te neem. Hulle geniet my kreatiwiteit, die uniekheid van my foto's en as my aandag aan belangrike besonderhede.

**Watter ander dinge doen jy?**

**Jaco:** Ek is baie doenig met grafiese ontwerp. Verder probeer ek so nou en dan iets verf. Tussendeur gee ek kuns en kultuur vir studente van ons fakulteit.

**Desi:** Ek lees baie en gaan stap graag saam met my familie, ook die wolleriges (furry ones).

**Wat maak jou bly en wat is die een ding waarop jy die trotste is?**

**Jaco:** Ek is op my gelukkigste in die natuur , bo-op 'n koppie met 'n insiggewende boek. Vlamme in 'n oopvuur kan my vir ure fassineer met 'n glas wyn, natuurlik.

**Desi:** Ek moet sê ek is die trotsste op my kinders en dat mense my betaal om foto's van hulle te neem."

**Wat wil jy nog graag doen of bereik?**

**Jaco:** Ek wil graag my M en D in Hoëronderwysstudies doen, voltyds klas gee en 'n private sielkundepraktyk hê. Ek gaan verseker nie ophou met fotografie nie, want dit is my grootste kreatiewe ontlading.

**Desi:** Ek wil graag verder met my fotografie gaan, maar daar is nie genoeg ure in die dag nie. Ek wil ook graag meer van die wêreld sien.





# Dynamite does not need **size**

*By Phelekwa Mpono and Leatitia Pienaar*





You can easily be mistaken looking at the length of Doreen Atkinson. Passion, dedication, determination are all synonymous with this leader of one of the strategic clusters at the University of the Free State.

Prof. Doreen Atkinson is the Director of the Cluster on Sustainable Development and Poverty Alleviation. And the arid areas such as the Karoo and its people are close to her heart, very close.

The cluster offers valuable opportunities for interdisciplinary research on a wide variety of development-related topics. More so, those conducted in the context of the Millennium Development Goals (MDGs), the New Partnership for Africa's Development (NEPAD) and the Accelerated and Shared Growth Initiative of South Africa (ASGISA), she said.

The cluster entails working and networking with a wide range of staff and postgraduate students in some 15 UFS departments. The cluster also provides grants to staff and students working on sustainable development researches. The focus areas are health, wellness and community resilience; economic development; human settlements, housing; and rural development.

Doreen says she can see huge scope for the cluster, because it brings together many different university disciplines and networking with government departments and other stakeholders. Topics cut across disciplinary boundaries, and students learn to think outside their disciplinary silos.

She can also give valuable input on ground. "I am passionate about local development, more so in the Karoo. I am involved in all kinds of local development initiatives in the region and I am interested in the history of the Anglo-Boer War. I also love doing research, although I do not get enough time for it."

She is currently doing some research on Karoo tourism. The cluster is creating "knowledge hubs" in three areas – Graaff-Reinet, Bethlehem and the Gariep Dam. This involves a lot of interaction with local stakeholders, which will enable the UFS to share its knowledge base with people in outlying regions.

"I would like to create a single Karoo development agency for the whole Karoo region, with the UFS as partner as a lasting legacy, something people will remember me by," she elaborated.

The cluster co-partnered with the Africa meets Africa (AmA) Project (see article in this issue). Research will be conducted on the future implementation of the project in schools, with particular interest in the cross-border perspective of the project, which links the Free State and the Northern Cape.

Doreen also remarks that, "History and heritage tend to cross borders. We hope that the AmA book becomes adopted in schools throughout the Free State and Northern Cape. I am delighted with the professionalism of the project and very proud to be associated with it."

She is inspired and fascinated by people who can break down barriers, between disciplines, social groups, and political jurisdictions – people who can "think out of the box". Entrepreneurs also fascinate her. "People who inspire me are the late Frederick van Zyl Slabbert, who formed the Institute for a Democratic Alternative for South Africa (IDASA) in 1987 and Richard Branson of the Virgin Group.

"I love spending some time with my children and to travel across the Karoo. I also maintain a balance between work and I make time for me."

Doreen is married to Mr Mark Ingle, a research associate at the Centre for Development Support. She is also a mother of two; one is a second-year student at our university and the other is doing some home schooling. They live at Philippolis in the southern Free State and she spends most of her time at our Bloemfontein Campus.



Photo: Stephan Collett



Foto: Gerda-Marie Viviers





# **Rita,** 'n mentor wat lief is vir **mense en werk**

*Deur Gerda-Marie Viviers*

Haar passie is mense en haar ontspanning werk. Haar kleintjiedood is mense wat lyf wegsteek. Dít is 'n piepklein neutedopoorsig oor die profiel van prof. Rita Niemann, Direkteur vir nagraadse studie en navorsing in die Fakulteit Opvoedkunde.

Prof. Rita se liefde vir onderrig strek van haar skooldae toe sy vir haar sussie Anne-Marie se maatjies skoolgegee het. Sy het hierdie taak ná skool ernstiger opgeneem toe sy haar onderwysdiploma, na 'n aanvanklik B.A. Tale voltooi het. Hierna het sy in 1978 in Bethlehem begin skoolhou waarna sy by onderwyserskolleges in Kroonstad en Bloemfontein betrokke was.

Gedurende hierdie tydperk het sy haar honneurs- en meestersgrade in Opvoedkunde verwerf. "Ek was maar 32 jaar oud toe ek by die UV as lektor in Opvoedkunde aangestel is en is al 23 jaar by die UV." Sedertdien het sy 'n Ph.D. in Onderwysbestuur en 'n MBA verwerf en ook talle honneurs-, 53 meesters- en 13 doktorale graduandi hul grade help inpalm.

Tans tree sy vir agt meestersgraad en tien Ph.D.-studente as mentor en studieleier op – twee rolle wat sy baie ernstig opneem. "Die gewenste mentor en studieleier beskik oor 'n passie vir wat hy of sy doen en is bereid om die pad saam met die ander persoon, soos 'n kollega of student, te stap. Dit moenie 'n geval wees van 'ek versus jou nie'. Dit moet wees: 'ons gaan hierdie taak aanpak en suksesvol deurloop'. Omdat ek so lief is vir mense, is dit vir my lekker."

Sy voeg by dat al haar studente haar na aan die hart lê. "Ná die afhandeling van hul studies, bly ons lewenslank beste vriende. Selfs jare nadat studente hulle M's by my voltooi het, kom hulle weer terug na my toe vir hulle D's." Sy verduidelik dat haar opregte liefde vir mense sy oorsprong uit haar kinderjare het. "Ek het goeie ouers gehad en was in ses verskillende skole. Ek moes leer om te verander en aan te pas."

Dít is dalk ook die rede oor hoekom sy nie maklik gespanne raak nie. "Ek dink net, ag wat, dis nie die ergste wat met 'n mens kan gebeur nie."

Volgens Emmie Smit, 'n Ph.D.-student en kollega werksaam by die Skool vir Hoëronderwysstudie, en dr. Susette Brynard, 'n kollega en lektor by die Skool vir Opvoedkundige Studie, is 'n uitstaande kenmerk van prof. Rita dat sy lief is om haar eie grense uit te daag asook die van diegene naby aan haar.

Susette sê sy sou nooit kon dink dat sy ná 22 jaar as biologieonderwyser nou in onderwysbestuur kon werk nie. "Rita het my opgelig, my hand gevat. Binne minute gee sy energie en die rede agter iets. Sy stimuleer die linkerkant van my brein en moedig die regterkant aan om te vlieg. Dit is lekker om onder haar te werk, sy maak werk exciting."

Hierop las Emmie by: "Sy ken jou leemtes en jy kan van 'n veilige plek na 'n plek van hoër hoogtes inbeweeg (met haar aan jou sy)."

Khomotso Marumo en Juliet Ramohai is ook vol lof vir die professor. Khomotso, 'n assistentdirekteur van biblioteekdienste by die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, en Juliet, 'n dosent by die Fakulteit Opvoedkune, is albei doktorsgraadstudente van prof. Rita. Hulle sê dat sy, as hul mentor en studieleier, haar studente beter ken as wat die studente hulself ken en dat, hoewel sy haar studente nooit lepelvoer nie, hulle aanmoedig om wel die "steil leer" te klim.

Op die vraag oor watter bydrae prof. Rita tot die hoëronderwyssektor wil lewer, antwoord sy dat sy graag wou toesien dat nagraadse programme van gehalte aangebied word. Sy droom ook van die begeleiding en vorming van goeie meestersgraad- en doktorale studente en dat sy studente en kollegas in hul navorsing wil ondersteun. Haar oplossing om die algehele stand van onderwys te verbeter, lê in een woord: "Commitment". Beslis iets waaraan sy nie 'n tekort het nie.




# Kuns teen kanker **ingespan**

Professor Vernon Louw, Hoof van die afdeling Kliniese Hematologie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, en kollegas het in 2004 met 'n projek begin om die lewe vir hul leukemiepasiënte meer draaglik te maak. **Earl Coetzee** het hom oor die projek *Artists Against Cancer* uitgevra en hoe dit werk. Prof. Louw antwoord hier.

Hulle bly normaalweg ses maande of langer in die saal met 'n week tuis elke 4 tot 5 weke. Die aanvanklike gedagte was om soveel as moontlik kunstenaars te kry om ons te voorsien van geraamde kunswerke, foto's, ens. wat positief, inspirerend en bemoedigend van aard is. Sodoende het mense soos Portchie vir ons afdrukke ("limited editions") van sy kunswerke gegee, die Hoërskool Eunice het werke aan ons geskenk wat die leerlinge by die skool geverf het, individue in die stad het geskenk, bv. dr. Frieda Pienaar.

Ons hooffokus was tot dusver die pasiënte met bloed- en beenmurgkanker (bv. leukemie en limfoom) by ons kliniek en by die Nasionale Hospitaal. In 'n stadium het die waterverfklub van Bloemfontein saam met ons pasiënte waterverf kom doen in die saal, mense het kom sit en pasiënte geleer om kreatiewe handwerk te doen en ons het selfs musikante gehad wat soms op 'n naweeksdag in die saal kom musiek maak het.

Heelwat kollegas wat in hematologie werk, ook in die laboratorium, het betrokke geraak deur komberse en musse te hekel. Dr. Pienaar het ons gehelp om 'n pragtige tuin buite die leukemiesaal aan te lê waar daar voorheen twee vullishope was (met rotte in ons leukemiesaal).

Nou is daar honderde roosbome, plek vir die pasiënte om onder die bome te sit en bietjie uit te kom.

Ons het ook 'n biblioteek in die leukemiesaal begin met



behulp van skenkings van boeke deur individue, wat natuurlik wonderlik vir die pasiënte is. So het ons ook skenkings en hulp van kerke, skole en individue ontvang van rekenaars waarop die tienerpasiënte kan speel en werk, DVD-spelers vir die meeste kamers en 'n skenking van 'n farmaseutiese maatskappy om 'n musieksentrum te koop.

Ons het ook 'n klavier gekry waarop die musikale pasiënte kan speel, wat wonderlik is en speletjies is geskenk vir hul gebruik.

In terme van sukses, weet ek dat die pasiënte nou 'n baie beter kwaliteit van lewe as vantevore het. Familie is dikwels ver en kan nie gereeld kom nie en dit maak tog 'n verskil as jy in 'n opbouende, positiewe omgewing is. Dis egter uitdagend om alles te reël en een van ons grootste behoeftes is om 'n vrywilliger of vrywilligers te kry wat kan help om die projek vorentoe te neem.

Die projek, Kunstenaars teen Kanker (oftewel Artists Against Cancer) gaan dus op die einde van die dag oor baie meer as net kuns, maar die erkenning van 'n pasiënt se waardigheid en om elkeen spesiaal te laat voel en so te behandel.



Prof. Vernon Louw

Foto: Johan Roux

# Ooreenkoms met Binghamton gesluit

'n Memorandum van verstandhouding is met die Binghamton Universiteit in die VSA onderteken om akademiese en kulturele uitruilprogramme, wetenskaplike navorsing en ander aktiwiteite te ontwikkel.

Aktiwiteite tussen die UV en Binghamton Universiteit insluit in die identifikasie van onderwerpe vir gesamentlike navorsing, gevolg deur navorsingsaktiwiteite; onderlinge uitnodigings aan dosente om lesings aan te bied, navorsing te doen of deel te neem aan kongresse, simposiums en seminare; asook personeeluitruilprogramme vir ontwikkelingsdoeleindes.

By die ondertekening van die ooreenkoms was, van links dr. Kathrine Krebs, Vise-Provoos vir Internasionale Verhoudinge en Direkteur van die Kantoor van Internasionale Programme by die Binghamton Universiteit in New York, prof. Josephine Allen van Cornell Universiteit in New York, en dr. Choice Makhetha, Viserektor: Eksterne Betrekkinge (waarnemend) van die UV.







# Support for Open Access

We are now one of 317 institutions worldwide that formally support the call for open access to information. The university joined universities such as Stellenbosch and Harvard who have signed a declaration to make research articles in all academic fields freely available on the internet to everyone, free of most licensing and copyright barriers.

Prof. Jonathan Jansen, Vice-Chancellor and Rector, signed the Berlin Declaration on Open Access to Knowledge in the Sciences and Humanities at a seminar in 2011. An increasing number of academic institutions, scientists and research-funding agencies support the move towards open access.

# Roses in remembrance of loved ones

The month of May 2011 was Compassion Month at our university and cut roses were planted in memory of people who had passed away in the previous year due to some illnesses and other personal issues.

A hundred roses were planted in front of the Main Building on the Bloemfontein Campus, with each rose representing 2 550 South Africans who had passed. There were 51 red roses which represented deaths due to HIV, 14 yellow roses for those who passed away due to ischemic heart disease, 13 white roses for deaths caused by stroke, eleven orange roses for deaths caused by tuberculosis and eleven pink roses for deaths caused by interpersonal violence.
Photo: Duard Grobbelaar






# Sport

# Hoëprestasiesentrum gimnasium

*Deur Leonie Bolleurs*




*Grafiese voorstelling van die Hoëprestasiesentrum.*

’n Hoëprestasiesentrum, ’n kommersiële gimnasium, ’n nuut opgegradeerde swembad wat aan nasionale standaarde voldoen en twee hokkie-astro’s. Dit is van die fasiliteite waarmee ons universiteit spog – fasiliteite wat nie net in die behoeftes van sportmanne en -vroue aan ons universiteit voldoen nie, maar wat ook daar is vir die voorbereiding van leiers op die sportgebied.

Fasiliteite soos die hokkie-astro’s – lank nie meer ’n nuwigheid aan die universiteit nie – se waarde is onmeetbaar. Nie net is dit die speelveld vir ons eerste en tweede hokkiespanne nie, maar baie hokkiekampe word ook jaarliks hier aangebied. Ons is ook baie trots op die feit dat Giles Bonnet, hoofafrigter van die Suid-Afrikaanse vrouehokkiespan, ons hokkie-astro’s in 2011 aanbeveel het vir oefenkampe en toetswedstryde tussen die vrouehokkiespanne van Suid-Afrika, België en China toe die spanne vir die kwalifiserende toernooi vir die 2012- Wêreldbekertoernooi en die Olimpiese Spele in 2012 geoefen het. Dr. Derik Coetzee en Colene Jones van ons Departement Oefen- en Sportwetenskappe het ook bystand aan die spanne in ’n sportkondisioneringshoedanigheid verleen.

Ons universiteit het ook in 2011 tydens ’n feestelike, kleurvolle en geesbelaaide geleentheid sy nuut opgegradeerde swembad geopen. Die swembad, ’n nasionale kompetisiebad (50 m in lengte) met verhitting is befonds deur ’n skenking (R4,6 miljoen) van die Nasionale Lotto. Mnr. Mickey Gordon, Hoof: Korporatiewe Betrekkinge, Institusionele Bevordering en Sport, sê dit is strategies belangrik om in ’n hoë-gehalte fasiliteit te belê vir die bevordering van swem aan die UV. “Die universiteit wil ’n sentrum vir uitnemendheid vir Swem Suid-Afrika word,” het hy gesê.

In Mei 2012 kan sportlui in hokkie, boks, atletiek en swem by ons om hulp kom aanklop ter voorbereiding vir internasionale kompetisiegeleenthede soos onder meer die Olimpiese Spele. Volgens Mickey sal die UV na verwagting dan die deure van die eerste Hoëprestasiesentrum en Kommersiële Gimnasium van sy soort in Afrika open, alles onder een dak.

Die sentrum wat sal fokus om sy deskundigheid op genoemde sportgebiede te ontwikkel, sal aan ’n behoefte voldoen wat al ’n geruime tyd bestaan. Hy sê sal dit baie vir die universiteit beteken om sportlui van hierdie kaliber op die kampus te akkommodeer.

Op die totale oppervlak van 2 114 m² sal die sentrum onder meer bestaan uit ’n ingangsportaal en administratiewe kantore, ’n gesondheidstoonbank, universiteitsportinstituut, sportverkope, ’n spin- en aërobiese sentrum en aantrekkamers. Die sentrum sal op die westelike deel van die Bloemfonteinkampus,regoor die Furstenburghek en langsaan die nuwe studentebehuising, opgerig word.

Dit is nie net beroemde sportlui wat die geleentheid sal kry om van die spogfasiliteit gebruik te maak nie; ons studente sal die kans kry om in hul spreekwoordelike voortuin te oefen en die publiek sal vanaf die Furstenburghek toegang

# en **kommersiële** binnekort ontwikkel



*Ons nuut opgegradeerde swembad is vroeg in 2011 deur Olimpiese gouemedaljehouer Ryk Neethling geopen.*

tot die gimnasium verkry. In die gimnasiumgedeelte sal personeel, studente en lede van die publiek saam kan sweet op topgehalte oefenmasjiene, met gewigte, op "spinning"-fietse en in die aërobiese klas.

Terwyl die amptelike gebou van die Hoëprestasiesentrum eers in Mei 2012 sy deure oopmaak, dien ons universiteit reeds as oefengronde vir spanne wat vir groot kompetisies wil voorberei.

Van ons fasiliteite soos ons hokkie-astro's (oefenterrein vir internasionale hokkiespanne) en ook Shimlapark – met sy 1 000 lux-ligte – dien al vir 'n aantal jare as oefenveld waar hierdie spanne vir belangrike internasionale wedstryde voorberei. Ook op internasionale spanne se voorkeurlys van plekke om voor te berei is ons oefen- en sportsentrum wat tans die tuiste is van ons Hoëprestasiesentrum. Afrika se topboksspan, Algerië en die Suid-Afrikaanse span wat by hulle aangesluit het, het vroeër in 2011 die fasiliteit gebruik om vir die 2011- Afrika-spele voor te berei. Die Algeriese hoofafrigter, Aggoune Azeddine, sê hy was beïndruk met die fasiliteite en dat hy dankbaar is om sy span van nege boksers met die hulp van Suid-Afrikaanse vriende te kon voorberei.

As jy saam met die bestes litte wil los maak – of dit nou in die kryt is, op die atletiekveld, in die swembad of op die hokkieveld – hoef jy nie te ver te soek nie. In die hartjie van Sentraal-Suid-Afrika op Kovsie-bodem sal jy nie net name soos Jannie du Plessis, Lesley-Ann George en Aggoune Azeddine raakloop nie, jy sal ook verras staan voor die diens en die fasiliteite wat jy hier sal aantref.

Die Algeriese bokser Abdelhafid Benchabla tydens oefeninge. Benchabla is die huidige World Series of Boxing-kampioen in sy gewigsafdeling. Hy is die enigste bokser in sy span wat reeds vir die 2012 Olimpiese Spele in Londen gekwalifiseer het.

*Die Suid-Afrikaanse manshokkiespan het in 2011 ons astro's litte losgemaak.*





*By Phelekwa Mpono*

The erecting of a climbing wall on the Bloemfontein Campus meant adventure for some students and staff. The wall is "strategically" located at the heart of the campus.

The wall also introduced the birth of a new Kovsies sporting code.

The Kovsies Momentum Adventure and Climbing Club is a wall-climbing club, only a few months old; yet the interest among students and staff in recent events is something to note. The club hosted, amongst others, the Bouldering Competition in August 2011.


Mr Rudi Buys, Dean: Student Affairs, said, "The wall is a resource that climbers in our university have requested for quite some time. It forms part of the university's commitment to provide diverse sporting codes for students to participate in. It is also a mechanism to foster general health consciousness among our students and staff."

This shows that the UFS places health and fitness at the heart of both student and staff development including teaching and learning.

The Kovsies Momentum Adventure and Climbing Club manages the climbing wall and bookings. Safety comes first; thus students and members are guided by professionally trained safety officials to do wall climbing. A train-the-trainer programme to train students interested in the sport on issues of safety has also been introduced. "This ensures that our members can have the maximum fun when they are wall climbing. The wall supervisors will be there at all times when climbing is taking place," says Rudi.

The UFS is building a professional sport club that will include other adventure sports in future. This will undoubtedly ensure more interest, participation and even competitions in the various sports codes. "Unfortunately, not all our students know about the climbing wall yet. Mostly they do not know that the sport is for everyone. We are using social media like Facebook, Twitter, and

# We teach them how to climb the wall



Photos: Supplied



word of mouth to market the sport," he says.

The climbing wall is not the only drawing factor to our campus.

The number of visitors has increased over the past few months due to a number of construction projects. The art works across campus that draws debate and reflective discussions, a number of new buildings and the Woman's Memorial bring visual impact. "As a result, we have had some positive feedback from both students and staff members," says Rudi.

Our campus has become an ideal environment that encourages conversation amongst people walking in its grounds. It has places to sit, gardens, facilities to have group activities and informal sport.

Rudi concluded by saying, "We also mentor student excellence in all respects. We inspire our students to excel in all they do. We want them to make healthy choices, build resilience together and choose by themselves to engage in positive exchanges amongst themselves, which they are already doing. Our student life programme thus aims to support them all the way."

# Kovsies excel in sport in 2011

*By Ruan Bruwer*





The 2011 sport season was another brilliant one for our university with some excellent achievements in various sports.

Six ex Shimlas – Jannie du Plessis, CJ van der Linde, Gurthrö Steenkamp, Bismarck du Plessis, Heinrich Brüssow and Ruan Pienaar – were in the Springbok squad in the Rugby World Cup in New Zealand. Apart from Brüssow, the others, along with Juan Smith, had also played in the 2007 tournament.

A further three members of the Springbok management team, Rassie Erasmus (technical specialist), Jacques Nienaber (defensive coach) and Dr Derik Coetzee (conditioning coach) have Kovsie connections. Erasmus and Nienaber were students and Dr Coetzee is a lecturer.

Meanwhile the Shimlas enjoyed their best ever FNB Varsity Cup campaign by ending third, winning five of their eight encounters (one more than 2010 when they also finished third). Their 37-28 victory over the Pukke was significant as it was their first over their arch-rivals in the tournament, breaking a six-match losing streak against them.

More than a dozen of those Shimlas went on to play Currie Cup rugby. Enrico Acker was named as the best backline player in the Varsity Cup.

The Free State regional netball team, the Lightning Roses, became the first winner of the Netball Grand Series with most of the team consisting out of Kovsie and alumni. Goal shooter Maryka Holtzhausen and Burta de Kock (Kovsie coach) were part of the Proteas team at the Netball World Cup. Burta was the assistant coach.

At the University Sports South Africa (USSA) tournament, Kovsies were unbeaten with seven players included in the team. At the national junior tournament Karla Mostert was named best defender and Ané Botha best centre-court player.

Having won the USSA Tennis Tournament, Duke Munro, PW Holtzhausen and Willem Steenkamp were selected for the SA Student Team – the most Kovsie members ever.

During the USSA Hockey Championships the women's hockey team maintained their status in the A division, whilst the men won the B division. Both will compete in the A division in 2011, the first time since 1994. At the National u.21 men's Hockey Tournament, Jaco Fourie was named player of the tournament.

In athletics, Thuso Mpuang won the silver medal in the 200 m event at the World Student Games, as well as gold as member of the SA 4x100 m relay team. He also qualified to participate at the World Senior Athletics Championship. Meanwhile, Boy Soke was included in die South African Cross-Country team.

On the cricket front Gino Vries was included in the USSA team.

The squash player Paul Rodrigues won the Free State event to be ranked number one in the province.

Kovsies are also proud of swimmer Sarah Shannon who represented South Africa at the Pan Pacific Para-swimming Championship.

More news is that Knell Jeneva made history by being the first student to receive national colours for softball at our university.

In karate Bruno Schwalbach achieved two gold medals and Balungile Ngofe and Elsabé le Roux one each at the Southern Africa Karate Championships. Schwalbach and Ngofe then represented the country with success at the Senior Commonwealth Karate Championships.

The Kovsies men's soccer team ended second in the SAB regional league, winning 17 of their 28 matches.




Thuso Mpuang




Gino Vries playing for the Chevrolet Knights in the SuperSport Series.




Sarah Shannon competes in the 50m Backstroke S3 during the 2008 Beijing Paralympic Games held in Beijing.




Maryka Holtzhausen scores another goal during the World Netball Championships match between Singapore and South Africa.

Photos: Getty Images



# Geen vals noot vir dié koor

*Deur Cindé Mostert*

Die Vrystaatse Universiteitskoor is 'n voorbeeld van die wese van die Universiteit van die Vrystaat, die mees geïntegreerde universiteit in Suid-Afrika.



Corné van Pletzen dirigeer die koor.

Die koor bestaan reeds 33 jaar, en gaan elke jaar van krag tot krag. Studente lê aan die begin van die jaar oudisies af om in die koor opgeneem te word.

Mnr. Corné van Pletzen, wat die Vrystaatse Universiteitskoor sedert 1996 afrig, sê hy is trots oor hoe transformasie spontaan in die koor plaasgevind het. Sonder dat hy probeer het, is die koor verteenwoordigend van alle kulture op kampus. Musiek tref nie onderskeid nie – dis 'n gemene deler groter as enige verskil tussen mense.

Hy het nog groot drome vir die koor. Die koor het al wyd in Suid-Afrika en oorsee getoer, en die kroon op hulle sang was 'n kompetisie wat hulle in 2009 in Praag gewen het. "En om te dink," onthou hy, "ons het nie eers deelgeneem nie! Omdat ek bang was daar sou nie genoeg lede kon saamgaan Europa toe nie, het ons net in die nie-kompeterende deel van die koor opgetree," sê Corné.

"Hulle het ons toe na die prysuitdeling toe genooi en ek het aangeneem ons sou 'n sertifikaat vir deelname kry... Toe kondig hulle ons as die algehele wenners aan! Hulle het gesê of ons nou deelgeneem het of nie, hulle kan geen ander koor die kompetisie laat wen nie." Dit was die eerste keer in tien jaar dat 'n Russiese koor nie die kompetisie gewen het nie.

Fotos: Johan Roux



# Students



# A journey into self-discovery

**By Phelekwa Mpono**





The launch of the film and book *Africa meets Africa: Pathways through the Interior* at our university was a huge success. It forms part of the The Africa meets Africa Project that is known for making connections between knowledge systems in pursuit of learning. Amongst others, it integrates beadwork and weaving with mathematics.

The film takes one through the Free State and some parts of the Northern Cape. The two actors, Lerato Mokhitli and Sandy Little, are both Art students at Kovsies. During the trip they reveal some historic events not known to all.

The film and book were funded by National Heritage Council and FirstRand.

The Africa meets Africa Project aims to use the book in the Free State and Northern Cape in the Further Education and Training (FET) phase for educators and university students.



Prof. Jonathan Jansen, Vice-Chancellor and Rector, said at the launch: "I would also make the subject history compulsory to ensure that children would be exposed to our complex history."

Ms Helene Smuts, Director of Africa meets Africa, said: "You cannot learn until you start with what you know. This is the journey we took; now you must take your own."




*The two main characters in the film and book* Africa meets Africa: Pathway through the Interior *are Lerato Mokhitli and Sandy Little.*


SONY




*By die Golden Key-beraad 2011 was, van links: dr. Derek Swemmer, Registrateur (UV); prof. Driekie Hay, Viserektor: Akademies; mnr. Ryk Neethling en me. Charlene Gunter, Direkteur: Golden Key International Honour Society, Suid-Afrika.*

# Golden Key tak skitter

Ons universiteit se Golden Key-tak het in 2011 goue status verdien as een van die beste takke in Suid-Afrika, en het ook die internasionale tak-dienstoekenning vir 'n agtereenvolgende jaar gewen. Die 2011 Suid-Afrikaanse Golden Key-beraad is in Oktober op die Bloemfontein-kampus gehou.

Die Golden Key International Society erken akademiese uitnemendheid en wend kennis aan om lewens te transformeer. Die vereniging het 400 takke in agt lande. Van Suid-Afrika se twaalf takke was almal buiten een by die beraad teenwoordig.

Ruddy Banyini, uittredende Golden Key-president, was medewenner van die toekenning vir streekstudenteleier van die jaar. Die UV-tak is ook bekroon vir sy gemeenskapsdiens en kampusbewustheidsinisiatiewe.

Dit volg op die hakke van die tak se verowering van die Golden Key Internasionale Tak-dienstoekenning in Mei 2011 vir die tweede agtereenvolgende jaar.

Ryk Neethling, Olimpiese goue medaljehouer en sakeman, was een van die hoofsprekers by die beraad. Hy het gesê 'n mens moet groot droom om dit waarop jy jou hart plaas, te bereik. "Speel jou rol in die span en wees vol selfvertroue. Onthou dat julle oorwinnaars en nie slagoffers is nie."

# Mpho dares to dream big

By Phelekwa Mpono

Meeting Michelle Obama, USA President's wife, during her visit to South Africa was an all-inspiring moment for Kovsie student Mpho Sefo.

Mpho was one of two Kovsies selected to take part in the Young African Women Leader's Forum hosted in Johannesburg and Soweto on the 21-22 June 2011. "It was a humbling experience indeed," she said. The forum promotes building women leadership in Africa. The delegates from across Africa also rolled up their sleeves and participated in some community services as part of the Forum.

This 19-year-old is studying Law at our university. She was also part of the first Student Leadership group who went overseas to learn on issues of diversity from other universities. "I learnt that there is far more to diversity than we think. The students whom we worked with in the United States of America are very proactive and confident. They stand strongly in their beliefs. I was so inspired by this and their 'can do' attitude. This has really helped me realise that I do not have to be a certain age, have a specific title or even have a special platform to make a great impact in the world," said Mpho.

Mpho's unforgettable moment at the Forum was meeting Mrs Michelle Obama, who was the key speaker. What stood out for Mpho was what Mrs Obama said about patience. "I have learnt that I will not get the desired results in the beginning but I should not let that distract me from pursuing my goals. One may suffer a setback here and there and I should not be discouraged.

"We are more than capable of effecting the necessary change in our societies. We are also a generation which is availed many opportunities to grow as leaders. I was given an opportunity to grow, learn and share my experiences with others. I met with other delegates who have now become like sisters to me and we are working towards great things. We learnt a lot about being a female leader and that it is not as hard as it is made out to be," Mpho stated.

"I have always known that I am going to be a woman of influence and that would mean that I would be working with people of Mrs Obama's stature. However, I had never thought that I would meet her at my age. I thanked her for creating such an opportunity for us to meet as leaders in our respective communities.

"I wish for a world where youngsters have more faith in themselves. Daring to dream is something so crucial in leading a successful life. If you are to live without it, you are setting yourself up for a life of floating around endlessly, which I would not wish upon anyone. Mostly, success is always knocking on our doors; all we have to do is avail ourselves and fully embrace it," she concluded.

*Mpho Sefo and some children they went to visit in the community and a photograph Mpho took of the President's wife.*



# **Kovsies** se Abe **Baileys**

*Deur Earl Coetzee en Amanda Tongha*



Iets wat moontlik Nida Jooste, 'n vierdejaar- LL.B.-student aan ons universiteit, kon verhoed om einde 2011 op 'n vliegtuig na die Verenigde Koninkryk te klim, was 'n hereksamen omdat haar punte swak is. Nie dat Nida haar daaroor te bekommer het nie. Sy is immers deel van 'n uitgelese groep Abe Bailey-beurshouers en het op 26 November 2011 met haar tasse gereed gestaan.

Die 21-jarige Nida is een van twee Kovsies wat in 2011 Abe Bailey-reisbeurse ontvang het en met dié prestasie sluit sy haar aan by oud- Abe-beurshouers soos oud-president FW de Klerk, dr. Frederik Van Zyl Slabbert en ons eie prof. Teuns Verschoor, Viserektor: Institusionele Sake. Nida en Ryan Lamb (23), 'n honneursstudent in Geneeskundige Fisika aan ons Fakulteit Gesondheidswetenskappe, hou Kovsies se naam hoog met hul besoek aan universiteite in Engeland en Skotland. Dié twee is uit honderde aansoeke gekies.



Photo: Earl Coetzee

'n Opgewonde Nida sê die beurs bring hope geleenthede. Met hierdie beurs word jy outomaties deel van 'n fellowship. Dit is 'n wonderlike voorreg om iets in gemeen te hê met sulke groot name," vertel sy oor die bekendes wat sedert 1951 dié beurs ontvang het.

Die Abe Bailey-reisbeurs word aan jong Suid-Afrikaners toegeken, soos bepaal deur sir Abe Bailey se testament wat in 1940 oorlede is. Studente of junior dosente wat leierseienskappe toon, word in aanmerking geneem vir dié beurse. Nida was adjunkvoorsitter van die Tussentydse-Studenteraad op Kovsies se Bloemfontein-kampus, terwyl Ryan onder meer stigter van 'n groep genaamd Digters Anoniem is. Hierdie groep bied 'n platform waarop digters, kunstenaars en dansers in Bloemfontein hulself kan uitdruk. Hy was in 2011 een van honderd studente by die Brightest Young Minds-beraad in Johannesburg en was een van die afgevaardigdes na die 2008-Wêreldjeugforum wat deur die Internasionale Vereniging vir Poësie en Solidariteit in Italië aangebied is. Hy het verder ook die Senaatsmedalje as die beste baccalaureusgraad-student aan die UV ontvang.

Nida sê sy weet al sedert haar eerste jaar van die Abe Bailey-beurs, maar moes wag om aansoek te doen, aangesien die beurs slegs vir finalejaarstudente en junior dosente toeganklik is. Sy het in 2010 aansoek gedoen, maar het nie eers die kortlys van kandidate gehaal nie.

"Ek besef nou dat ek toe nie betrokke genoeg was nie. Gelukkig het ek gedurende 2011 meer betrokke geraak by kampusaktiwiteite en my akademiese prestasie het ook baie verbeter," sê sy. Sy en Ryan sê albei hulle hoop om die geleentheid te gebruik om nuwe benaderings tot probleemoplossing te leer.

Ryan sê hy sien uit na die geleentheid om met ander beurshouers te netwerk en om ervarings met hulle te deel voordat hy na die UV terugkeer om toe te pas wat hy geleer het.

# Jaco kry Mandela Rhodes-beurs

Foto: Hannes Pieterse



Jaco Griessel (25) is met 'n gesogte Mandela Rhodes-beurs vir 2012 vereer. Jaco, 'n student van ons Odeion Skool vir Musiek, is een van 23 studente wat die toekenning in 2011 ontvang het. Die beurs word toegeken aan jongmense in Afrika wat akademiese en leierskappotensiaal toon.

Jaco is besig met sy B.Mus.-honneursgraad en is 'n uitblinker van formaat. Hy het in 2010 die Fanie Beetge-prys vir beste voorgraadse student in sistematiese musiekstudie ontvang. In 2009 het hy dieselfde prys vir historiese musiekstudie ontvang.

Hy wil in 2012 sy meestersgraad in musiekkomposisie aanpak. Hy komponeer enigiets van klassieke, ligte tot jazzmusiek.

Die beurs maak voorsiening vir studie- en registrasiekoste, studiemateriaal, akkommodasie asook 'n persoonlike toelaag.



# Sportsman and -woman of the UFS

Thuso Mpuang en Gabisile Hlumbane are carrying the crown as Sportsman en Sportswomen for 2011.



Gabisile is a member of the Banyana Banyana National Soccer Team. Thuso represented South Africa during the World Athletic Championships in Deague, Korea.

Pieter Rademan (rugby) and Karla Mostert (netball) are the Junior Sportman and Sportwoman of the year, respectively.

Gabisile's team obtained a bronze medal at the African Women's Championships during October 2010, a gold medal at the Unity Cup Hosted during December 2010, a silver medal at the COSAFA Women's Championship hosted during July 2011 and qualified for the London Olympics in 2012.

Thuso obtained the silver medal in the 200 m during the World Student Games in Shenzhen, China and a gold medal as a member of the 4 x 100 m relay team.

# **Loerie**-toekenning getuig van **kwaliteit**

Aan kreatiwiteit ontbreek dit nie by die UV nie. Tarran Jacobs, Elizabeth Forson en Mafohlela Mahlatsi, almal derdejaarstudente in Bemarkingskommunikasie, is in 2011 met 'n Loerie-toekenning in brons vereer vir Kansa-advertensies wat hulle ontwerp het.




Derdejaarstudente in Bemarkingskommunikasie kry jaarliks geleentheid om hulle kreatiewe spiere in die Kopieskryfklas te bult. Die uitdaging is om twee advertensies vir enige welwillendheidsorganisasie te skep deur die kennis wat hulle in die vak opgedoen het, prakties toe te pas. Die drie beste groepe word dan ingeskryf vir die Loerie- en Pendoring-toekennings – twee gesogte toekennings in die Suid-Afrikaanse reklamebedryf.

Prof. Angelique van Niekerk, medeprofessor van die Department Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans sê die studente verdien die pluimpie en dis 'n goeie aanduiding van die relevansie van die kopieskryfkursus by die UV. B



*Tarran Jacobs, Elizabeth Forson en Mafohlela Mahlatsi.*



*By een van die bussies is, van links: prof. Willie Mollentze, Hoof van Interne Geneeskunde, en dr. Scarpa Schoeman.*

# **Droom** van pendeldiens **bewaarheid**

deur Stefan Lotter

’n Droom van twee jaar gelede het nie net ’n droom gebly nie. Dr. Scarpa Schoeman, Senior lektor in Interne Geneeskunde, het die vervoerprobleme van vierde- en vyfdejaar- mediese studente ter harte geneem en in 2011 is ’n pendeldiens in werking gestel.

Die diens vergemaklik nou die studente se beweging tussen klasse by die UV en die saaldiens wat hulle by verskeie opleidingshospitale in Bloemfontein en omgewing moet doen.

Dr. Schoeman het vermoed dat studente se vervoeruitdagings ’n wesenlike negatiewe impak op hulle akademiese prestasie maak en die saak het dus aandag benodig. Daar was 65 Fase-driestudente in die Engelse klas wat met vervoer sukkel en deel van die projek uitmaak. Omtrent 90% van hulle is beurshouers by die UV. Hierdie studente het in die verlede openbare vervoer tussen die klasse en die hospitale gebruik, en die koste sou gemiddeld R4 000 per jaar per student beloop het.

Netcare het twee minibussies geskenk en die vervoerdiens is van April 2011 in werking. Die bussies ry daagliks op ’n vasgestelde roete.

# **Vereenselwig** met die lot van **ander**







Foto: Stephen Collet

Studente het in 2011 gereeld aan bewusmakingsveldtogte deelgeneem om hulle met die lot van mense in Suid-Afrika en in die buiteland te vereenselwig. Hieronder sluit in menseregte, MIV/Vigs, en die tsunami in Japan waar groot dele van verwoes is in die aanslag van see. Studente het ook 'n boek met boodskappe aan die Japanse Ambassade in Pretoria oorhandig.



# Alumni

# **Alumnus** vereer

Foto: Stephen Collett



Prof. Johann Henning (links), Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, oorhandig die Facultate Legum-toekenning aan mnr. Jan Maree.

Mnr. Jan Maree, 'n alumnus van die UV en senior vennoot van die prokureursfirma Schoeman en Maree Prokureurs in Bloemfontein, is deur die Fakulteit Regsgeleerdheid met 'n Pro Facultate Legum-toekenning vereer. Hy het dit ontvang vir voortreflike diens, getroue ondersteuning en welwillendheid teenoor die fakulteit oor etlike jare.

Prof. Johann Henning, Dekaan van die fakulteit, sê mnr. Maree is aktief in die georganiseerde prokureursprofessie betrokke en dien ook baie jare al op die bestuur van die Vrystaatse Prokureursorde. Hy verteenwoordig die orde vir dekades al op die Prokureursgetrouheidsfonds, wat jaarliks finansiële steun aan regsfakulteite gee.

Mnr. Maree is ook bedank vir die rol wat hy ten opsigte van die fakulteit se Regskliniek speel. Hy dien reeds etlike dekades op die beheerkomitee van die Regskliniek en het bygedra tot die uitbreiding en sukses van die kliniek en die voortgesette goeie verhoudinge met die Prokureursorde van die Vrystaat.



# **Pieter** lei Kovsie-**Alumni**

Pieter du Toit is in 2011 tot voorsitter van Kovsie-Alumni verkies.

**Die res van die dagbestuurspan lyk soos volg:**

Pule Molalanyane, ondervoorsitter

Loraine Kriek, ondervoorsitter

Naudé de Klerk

Mauritz Randlehoff

Henry Madlala

Tefo Ramanamane

Adri Hechter

Die personeel van Kovsie-Alumni het by die algemene jaarvergadering Naudé de Klerk, die vorige voorsitter, en sy komitee, vir hul bystand, insette en leiding gedurende sy ampstermyn as voorsitter bedank.

Naudé is ook bedank dat hy altyd beskikbaar was vir ontbyte, reünies en byeenkomste. "Hy het dikwels sy praktyk verwaarloos om sy alumni-verpligtinge na te kom. Sy professionele en onberispelike optrede voor gehore en tussen gaste van die UV maak van hom 'n Kovsie by uitnemendheid!"



# Kovsie Alumni maak sy spog-toekennings

Mnr. Maurice Carpede (regs) by Naudé de Klerk, Kovsie-Alumni-voorsitter tot 2011.





Dr. John Purchase, uitvoerende hoof van die Landbousakekamer, is as Oud-Kovsie van die Jaar aangewys tydens die jaarlikse Kovsie-Alumni-toekenningsdinee in September 2011. Vier ander oud-Kovsies is ook vir uitsonderlike prestasies en bydraes tot die UV vereer.

Willem Theron, wat rubrieke vir Beeld en Volksblad skryf, is met die Kovsie-Ambassadeurstoekenning vereer. Die radio- en televisiepersoonlikheid Maurice Carpede is met die Kovsie Cum Laude-toekenning vereer. Maurice deel dié toekenning met Koert Pretorius, uitvoerende hoof van Mediclinic Suid-Afrika. Arie van der Bijl, afgetrede finansiële direkteur van die UV, is op sy beurt met die Alumni-toekenning vir uitsonderlike diens aan die UV vereer.

Dr. Purchase het gesê Kovsies het hom geleer hoe om 'n leier te wees. Willem, ook bemarker van die Kovsie-Alumni Trust, het gesê hy voel klein oor sy toekenning en bygevoeg dat Kovsies vir hom 'n huis en familie geword het.

Maurice het gesê dat hy 'n Kovsie in die oorgangsjare geword het, 'n tyd toe daar nog "slegs blankes" op van die deure gestaan het, maar ten spyte daarvan het hy geleer dat nie alle wittes sleg is nie. Koert, wat vereer is vir sy bydrae tot privaatgesondheidsorg in die land, het genoem dat Kovsies vir hom die sleutel was wat verskeie deure oopgesluit het.

# Nuwe lede gekies vir Kovsie-Alumni Trust

Die geledere van die Kovsie-Alumni Trust is in 2011 versterk met 'n span nuutverkose lede. Hier is, van links: mev. Frances Hoexter, uitvoerende bestuurslid, mnre. Ryno Opperman, ondervoorsitter, Anton Botha, voorsitter, en Ingo Machts, uitvoerende bestuurslid. Prof. Nico du Plessis, ook nuut verkose uitvoerende bestuurslid, was afwesig toe die foto geneem is.



Foto: Anita Jackson

# From Japan with Ambassador



Growing up at Odendaalsrus in the Free State, Kovsie Alumni Gert Grobler's father insisted that he and his siblings get to know their country. Looking back at a career that included diplomatic stints in Germany, Spain, Angola, America and Britain, his father's words instilled in him a desire to travel and broaden his horizons, Gert, South Africa's Ambassador to Japan, told **Amanda Tongha**.



"As children we were always ready to go to Durban, but my father firmly insisted that we got to know our country and every holiday we were packed into the car and driven to all corners of South Africa. In retrospect, I am deeply grateful having seen our beautiful country. With images of faraway places always prominently in my mind, I was very fortunate to be selected as a member of the Shimla rugby team that toured Europe in 1967-8 for a period of five weeks. This tour was destined to have a fundamental and lasting impression on my thoughts, life in general and career specifically. I was part of one of the first South African sports teams that encountered strong anti-apartheid demonstrations, particularly in the UK, and I recall our bewilderment when as young players many of our games were disrupted by demonstrators."

Gert said on his return to South Africa his yearning to see the world was stronger than ever and after a brief stint as teacher at St. Andrews School in Bloemfontein, he joined the Department of Foreign Affairs in Pretoria. This was the start of a long career in the Diplomatic Service.

# Love,
# Gert Grobler

"The life and career of a diplomat is a highly interesting, fascinating and multi-faceted one, dealing with people from all walks of life, from presidents to the man and woman in the street. I have been blessed and fortunate to work closely with Presidents Nelson Mandela, Thabo Mbeki and Jacob Zuma – not only in South Africa's interactions with foreign dignitaries, but also accompanying them on numerous official visits abroad.

"In Japan, as appointed representative of President Zuma, I am responsible for managing and promoting South Africa's political, economic, social, science and technology, cultural, sport and consular relations with Japan. Japan, as the third largest economy in the world, is a strategic partner of South Africa and the economic ties between our two countries are strong and growing. In 2010 alone, Japanese companies invested almost 28 billion rand in South Africa. This was the highest level of foreign investment in 2010 and there are indications of more to come."

According to the ambassador, there are approximately 500 to 600 South Africans in Japan, mainly in the private sector, with some on student exchanges or as students teaching English in the country. "We maintain close contact with South Africans in the country and in particularly during this year's earthquake tragedy in Japan, we had our hands full to establish whether they were all unharmed. Fortunately, no South Africans were harmed."

During this time, Gert wrote a poem in Afrikaans for the Japanese people, which were published in a Japanese magazine, translated into English (see poem).

Gert speaks highly of the Asian country. "Japan has a very rich and fascinating culture and tradition. It is a very beautiful country with stunning landscapes, coastlines and mountains, particularly the sacred Mount Fuji and surrounding rivers. Japan's ancient capital Kyoto is also a treasure with several World Heritage sites in the city."

He describes Japan as a "cuisine heaven" with not only the most delicious sushi and sashimi, but also a wide variety of international restaurants. "If you are tired of sushi there is a South African restaurant in Tokyo, Tribes, which serves Castle, Klipdrift, KWV wines and bobotie, boerewors and pampoenkoekies. I am a regular visitor there!"

## Tears for Nippon

*I offer to you ... Nippon*
*apart from my love and sympathy*
*a white dove from my childhood days*
*the calm and serenity of the waterberg*
*big bunches of white roses*
*for all the nameless tsunami graves*
*in the restless sea...*

*I walk through Tokyo streets*
*swept by wind and rain*
*with the anguished calls of crows*
*sadder than ever before...*

*and I cry in a foreign language*
*without words*
*about the cherry blossoms which this year*
*will not bloom as beautiful as before...*
*Nippon I embrace you*
*tenderly take your hand*
*listen to your sad and untold tales*
*about people's sorrows and questions...*

*Hiroshima again...? mon amour*
*Sendai s destruction...? mon amour*
*Fukushima s uncertainty...? mon amour*
*Why...?*

*flickering digital images*
*of blinding pain ...*

*but*
*above you Nippon*
*descends many white angels*
*with a heavenly choir*
*to hold you tight*
*and all those who, without words*
*stare, wonder and hope*
*in silence and numbness*
*waiting for the sun*
*to rise again ...*

# ’n Toring van hoop

Ds. De la Harpe le Roux meen hy het die beste gemeente ooit! Sommige is studente, daar is ’n sakeman of drie, mense wat in woonstelle daar naby woon, maar meeste bly op straat. Húlle sien hy gewoonlik elke nou en dan vir twee maande lank nie, dan is hulle weer vir drie maande terug. Afhangende van hoe die weer en werk hulle lei. De la Harpe bedien die Tweetoringkerk in Henrystraat, Bloemfontein.





Hierdie oud-Kovsie het soveel entoesiasme en energie, dat nie eers die verval van die middestad hom onderkry nie. Nee wat, hy reël sommer gou-gou dat ’n klomp vrywilligers hom help om die strate skoon te maak.

“Ek het eintlik ’n baie besonderse werk,” verduidelik hy dan, “in die sin dat ek deels ’n dominee is, maar ook deels die direkteur van die Torings van Hoop Leierskapstigting.” Dít verduidelik hy, is ’n nie-winsgewende Christelike Bedieningsorganisasie wat uitreik na die gebrokenes, haweloses en werkloses in Bloemfontein.

“Dis wonderlik dat ons op hierdie manier die ‘regte wêreld’ en die kerk met mekaar kan versoen – want albei het mekaar nodig!”

De la Harpe het in 1990 as eerstejaar op Kovsies aangekom en sy B.A.-graad in teologie voltooi. Daarna het hy ’n honneursgraad gedoen en was van 1994 tot 1996 in die kweekskool. Pas nadat hy afstudeer het, is hy beroep na ’n gemeente in Durban waar hy tot en met einde 2004 was. En toe kom hy terug Bloemfontein toe!

“Aanvanklik was ek dominee by Fichardtkruin en in Oktober 2008 is ek beroep na hierdie wonderlike pos by die Tweetoringkerk in die middestad!” De la Harpe vertel opgewonde dat sy lewe ’n volle sirkel gemaak het – hy en sy gesin woon deesdae in dieselfde straat as waarin hy grootgeword het. “My pa was ook ’n dominee in Bloemfontein en dis te wonderlik om te sien hoe my eie kinders nou kan ervaar wat ek jare gelede beleef het... baie dinge is anders, maar baie goed is ook dieselfde.”

Ander mense sal dalk sidder by die aanskoue van die interkulturele gemeente wat De la Harpe in die middestad bedien. “Dis beslis nie everybody’s cup of tea nie,” sê hy. “Maar dit is myne! Hierdie is my plek.” Hoewel hy dit steeds geniet om soms in homogene Afrikaanse gemeentes te preek, sal hy maar swaar afskeid neem van sy “vriende van die straat”.

Die Bloemfonteinse middestadgemeente in die Tweetoringkerk, en die Torings van Hoop Leierskapstigting, loop hand aan hand, hoewel dit twee verskillende entiteite is. Die gemeente, verduidelik De la Harpe, het die Leierskapstigting nodig omdat die gemeente self nie by al die uitdagings kan uitkom wat Torings van Hoop aanspreek nie. Só ook het Torings van Hoop die kerk nodig, omdat dit nie ’n welsynsorganisasie is nie.

“Dit is juis ook die tema van my navorsing,” verduidelik De la Harpe wat ingeskryf het vir ’n D.Th. aan die UV, “die tipe uitdagings waarmee ’n gemeente soos die middestadgemeente sit.”

De la Harpe is ook baie betrokke by arbeidsbediening. Dit behels dat hy in die werkplek vir mense die Woord bring. “Dit is amper maklik om Sondae kerk toe te gaan... maar vir baie mense is dit moeilik om daardie selfde Here se teenwoordigheid in die werkplek te ervaar.” Tussen dominee wees, arbeidsbediening, Torings van Hoop, en deeltyds klasgee by die Fakulteit Teologie, is hy omtrent besig. “Maar ek is mal daaroor, ek het baie energie.”

De la Harpe klink amper té opgewonde vir iemand wat in die middestad werk... tussen soveel hooploosheid. Hoe bly hy gemotiveerd? Hoe motiveer hy die mense wat so min hoop het? “Ek doen wat ek moet, daarvan is ek seker. Dis wat my laat aanhou. En om ander te motiveer... ek weet nie regtig nie. Ek is maar net hier. Dit is hoe Jesus ook was. Hy het nie almal wat arm en siek was, gehelp nie. Maar Hy was daar... Ek het nie vir al die nood en krisisse antwoorde en oplossings nie. Maar ek is hier. Ek fokus nie op groot invloede nie, maar as ek ’n klein veranderinkie kan maak met elke mens wat oor my pad kom, dan is dit genoeg.”



Dalk, meen De la Harpe, lê die mens se behoud juis daarin om andersheid te omarm. “Jy kan nie groei en ontwikkel as jy heeltyd net deur hulle wat presies soos jy dink en praat omring word nie... ons kan baie by mekaar leer.”

*Deur Cindé Mostert*



# Gister 'n Kovsie Vandag 'n DG

Deur Gerda-Marie Viviers



Hoewel sy in die kantoor van die Vrystaatse Premier werk, sê sy die belangstelling wat die UV-studentekoerant Irawa gedurende haar universiteitsjare in die joernalistiek by haar gewek het, sal altyd teenwoordig wees.

Ofskoon dit meer as twee dekades is sedert Elzabé Rockman, die direkteur-generaal in die Department van die Premier, haar pen neergelê het, gebruik sy steeds haar joernalistiekvaardighede. "Ek is nie iemand wat dinge in absolute swart of wit beskou nie, maar glo eerder dat verskillende skakerings van grys bestaan. Anders as joernaliste, hoef ek nie terug te hou nie en kan ek deel word van 'n storie en oplossing."

Hierdie voormalige Irawa-redakteur sê haar universiteitsdae was net 'n trappie hoër as hoërskool. Haar universiteitsjare, wat in die doodsnikke van die apartheidsera was, was baie anders as nou. "Nou bestaan 'n baie ander dinamika as tóé; nie dat dit makliker is nie." Sy praat vlugtig oor die impak van die Reitz-insident op die UV se beeld en loof prof. Jonathan Jansen, Visekanselier en Rektor, vir sy bydrae om die universiteit te laat aanbeweeg.

Te midde van haar loopbaansukses het sy 'n liefde vir ons provinsie sowel as vir die Noord-Kaap, waar sy in Kimberley grootgeword en 'n groot deel van haar skoolloopbaan deurgebring het. "Die mense hier en daar is baie dieselde. Ons maak opofferings, maar ons het nog nie die essensie van menswees verloor nie." Die kwaliteit van lewe in die streek sal haar nie sommer laat oorweeg om groener weivelde daar buite te soek nie.

Oor werksgeleenthede in die Vrystaat, sê sy die provinsiale regering probeer om die dinamika van die provinsie te gebruik om werkskepping te bevorder. Hierdie dinamika neem die potensiaal van sektore soos die landbou, toerisme en logistiek in ag asook die sentraliteit van ons provinsie. Elzabé is ook hierby betrokke vanweë haar pos en het die geleentheid om met alle departemente saam te werk om spesifieke programme en inisiatiewe te koördineer. Die ontwikkeling van vaardighede is 'n onontbeerlike deel om ekonomiese groei en werkskepping te bevorder. Die funksionering van die provinsiale regering se opleidingsinstituut en die implementering van internskappe en leerskappe is daarom programme wat spesifieke aandag van die provinisiale regering geniet.

Nóg iets wat volgens haar moet verander, is die omskep van die staatsdiens tot 'n voorkeurwerkgewer en die uitwis van neerhalende sienswyses wat die publiek jeens staatswerkers huldig. "As almal trots op hul werk is, sal dit 'n voorreg wees om vir die staat te werk, maar die denkraamwerk moet verander."

Sy raai mense, wat 'n verskil in hul samelewing wil maak, aan om 'n loopbaan in die staatsdiens te oorweeg. "Dit is maklik om terug te staan, maar dit is 'n ander storie om in te gaan en 'n verskil te maak." Elzabe sê sy ervaar toenemend 'n gewilligheid onder haar kollegas om mekaar met take te help. "Mense ervaar 'n groter aansporing en bevrediging om 'n praktiese verskil te maak en die nodige vaardighede oor te dra na iemand wat nog nie die nodige vaardighede opgedoen het nie." Hoewel sy met haar werksure, wat ver buite die normale agt tot vyf strek, 'n verskil in die staatsdiens probeer maak, probeer sy naweke die balans herstel deur tyd saam met haar kinders Caitlyn (10), Matthew (12) en Andrew (14) te bestee.

Sy sê dit is jammer dat nie al die vroue wat 'n verskil in die geskiedenis gemaak het, genoeg erkenning kry nie aangesien hulle met mans om erkenning moet meeding. Die erkenning en opskryf van die geskiedenis oor die vryheidstryd in die Vrystaat moet meer aandag geniet. "As ons nie iets doelbewus vir die nageslag doen nie, sal 'n groot deel van ons geskiedenis verlore gaan."

Sy sê hoewel sy haar werk geniet, droom sy daarvan om eendag weer aan die stuur van 'n publikasie te wees soos die *Transformer* en *The Voice*, wat in die laat 1980's deur studente bedryf is as alternatiewe publikasies tot die hoofstroommedia. "Dit sal 'n publikasie wees waarin ek kan skryf, 'n storie kan vertel wat moet vertel word." En, voeg sy skertsend by, "niks met die regering te make sal hê nie".



Helen meets Princes Harry and William of Great Britain.

# **Helen** wants to leave her own **legacy** behind

*By Ronnis Daniels*

As a communications specialist with ten years experience, Helen White has managed the Communications Department of the Children's Hospital Trust, the Fundraising Arm of the Red Cross War Memorial Children's Hospital in Cape Town, for the past six years. She has developed and managed communications and marketing strategies that have supported the Trust in its endeavour to reach donors, both locally and internationally.

Helen received her B.A. Communications Honours degree in 1995 and says her experience at the UFS was an extremely positive one and stood her in good stead for a successful career in the communications industry. "Coenie de Villiers, a renowned South African writer and performer who lectured at UFS, brought a wealth of hands-on experience. I will never forget his comment that anyone can pass B.A. Communications, but it is only the top students who will really excel in this sector. I had a healthy balance between academic focus and relevant social activities, such as involvement with the campus radio station."

As the National Events Manager and Publicist for SLYmedia, a division of Studentwise Publishing and Marketing, Helen gained the platform experience in publicity that she would carry with her through her career. SLYmedia provided experience in generating media exposure for various business divisions, events and staff coordination, and the development of creative concepts. Since then, she has not only grown in experience and confidence but also in her overall skill set. "Over time my ability not only to see the potential




in others, but mentor and help them grow has increased exponentially. I believe that while leaders are born, good managers are created over time," says Helen.

From 2001 to 2002, Helen's position as an account manager at Marcus Brewster Publicity in Cape Town gave her extensive experience to complete client-service management over multiple publicity portfolios for national and international clients. Her wide-spread exposure to directing a variety of sectors from finance and blue chip companies to FMCG and celebrities led to her appointment as the chief operating officer of this award-winning agency until 2004, taking Marcus Brewster Publicity national with its first Gauteng office. Helen managed the integration of the marketing, advertising, PR and sales functions, to create an effective marketing plan, as well as the Human Resources and IT portfolios.

When Helen moved from the public sector into working for a non-profit organisation, she was at the peak of her career. Her ability to successfully manage a number of projects simultaneously, targeting diverse audiences of the Red Cross War Memorial Children's Hospital, has led the Children's Hospital Trust's brand to soaring heights. "I decided to work at the Children's Hospital Trust as I wanted to make a difference; I wanted to work at an organisation that is professional, dynamic and strategic. My work satisfaction has more than quadrupled and I am privileged to have been able to shift my experience and skill set from making brands and celebrities famous and rich to raising money for the only remaining specialist children's hospital in Southern Africa."

The Children's Hospital Trust launched the Circle of Life legacy programme, which brings together caring, like-minded individuals who have chosen to leave a legacy in their will to the hospital through the Trust, or are considering doing so. Circle of Life members will play a crucial role in ensuring that, through their Legacy donations, the Red Cross War Memorial Children's Hospital continues to be the cornerstone of paediatric healthcare in Southern Africa.
"One of the incredible advantages of working at the Trust is that 100% of the funds we receive go directly to the hospital. Not a single cent is spent on administration. Now that's being able to communicate with a clear conscience!"



*Helen White and her husband Andrew with Gary Player at the Gary Player Invitational in 2010.*

# In short Kortliks

Prof. Stef Coetzee, 'n voormalige rektor aan die UV, het in 2011 uitgetree as uitvoerende hoof van die Afrikaanse Handelsinstituut. Hy het die pos sedert 2007 beklee.

- Dr. Gideon Strauss, President of the Center for Public Justice in Washington, D.C., joined the Providence Christian College in Pasadena, California as an Adjunct Professor of Philosophy in 2011. He lectured on aesthetics titled "The History and Philosophy of Beauty and the Imagination".

- Judge Ernst Lichtenberg, former Judge President of the Free State, died in May 2011. He is survived by his widow and three children.

- Prof. Francois Pieter Retief of the North-West University received a Ph.D.in Environmental Impact Assessment at the University of Manchester in the United Kingdom.

- Ds. Steve van der Walt, 'n leraar van die NG Moederkerk op George, is deur die Cambridge Universiteit in Engeland genooi om 'n referaat by 'n internasionale kongres te lewer oor sy doktorale studie oor wonderwerke in die Bybel. Steve se studie, waarin hy die verband tussen wonderwerke in drie verskillende tydperke in die Bybel ondersoek, is die eerste van hierdie aard.

- Mnr. Sybrand Strauss, voorheen hoof van bioframaseutiese dienste-maatskappy PAREXEL se fasilteit op die Bloemfontein-kampus, is aangestel as Korporatiewe Visepresident en Wêreldwye Hoof van Vroeë Fase van die PAREXEL International Corporation.

- Mnr. Joggie Mentz, prokureur op Humansdorp en oud-inwoner van Olienhout, het sy nasionale kleure in kleiduifskiet verwerf toe hy Suid-Afrika in Amerika het by die World Amateur Trap Shooting Championship in 2010 verteenwoordig het.

# die bul(t)

# by die

# horings pak

this issue of **Bult** is another proud product

of

ANDREAS VILJOEN DESIGN

- logo and corporate ID | stationary design
- design and print of all marketing material
- all publications | magazines | year books | journals
- vehicle branding & signage
- interior design

admin@andreasviljoen.co.za

0877 218889 ■ 0877 258850 ■ fax 086 7210 781

N°11 pasadena ■ 127 pres reitz ave ■ westdene ■ bloemfontein

# AANDMUZIK GUEST HOUSE

**Aandmuzik offers five luxury en-suite double bedrooms and two family rooms with private entrances overlooking the garden swimming pool. Each room has a microwave, fridge (honesty bar), Air-conditioning, TV with DSTV. A traditional continental English breakfast is served. Secure undercover parking with electric gate and electric fencing.**

## FACILITIES

Internet, fax & photocopy facilities, Playground for children, Tea and coffee facilities, Bar and lounge with fireplace, Lapa, braai area and swimming pool, Credit card facilities








Contact: Stella Theron - 082 447 9053
18 Dreyer Street, Universitas
WALKING DISTANCE FROM UNIVERSITY & VODACOM PARK



UNIVERSITY OF THE
**FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE
**VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA
**FREISTATA**

UFS
UV

University of the Free State | P O Box 339, Bloemfontein, 9300 | South Africa